# *Die Messias*

Mag maar sit. Dit voel wel soos om huis toe te kom om terug te kom. Ons, wat daar agter gehoor het by julle pastoor, die wonderlike dinge wat die Here hier by die tuiskerk gedoen het vandat ek hier was, gesê julle het amper 'n konstante herlewing van die uitstorting van die Heilige Gees gehad. O, is dit nie wonderlik om God se tyd te tref, net regte tyd nie? Doen net iets aan ons.

2 Wel, ons het een by die tabernakel gehad. Ek het 'n reeks onderwerpe gehad, ek het julle vertel, oor die sewe laaste kerktydperke. En, o, goeiste, toe ek verlede Sondag klaargemaak het met die 4de hoofstuk van Openbaring:

3 My gemeente is omtrent, klein, omtrent vierhonderd mense, of driehonderd-en-vyftig, so-iets. En ek, terwyl ek gepraat en die gebedsry geroep het, en gepraat het oor die weerkaatsing van die Shekinah Heerlikheid na die sterre—na die sterre, na die see van glas, waar die offerandes gewas is, julle weet, wat sondaars verteenwoordig, die skeidingwaters, en terwyl ek daaroor gepraat het, en toe gedraai het om vir die siekes te bid, het die Engel van die Here reg voor hulle almal afgekom, reguit oorgegaan en daar in die hoek gestaan, en driehonderd of meer mense het Daarna gestaan en kyk vir vyftien minute, geskree, gehuil, en God geprys; almal van hulle het gekyk. Die eerste keer wat Dit ooit so voor ons kerk gekom het, het net reguit ingekom, reguit soontoe beweeg, en daar gestaan.

4 Ek het gesê: "Kan julle dit sien?" Almal het begin skree en val. En daar was Dit, die groot, amber Lig van die Vuurkolom, net so presies rond, wat daar gestaan het. Toe het Dit Ditself begin skadu, en elkeen van daardie kerktydperke geskadu net presies soos ek hulle geleer het, in daardie Vuurkolom. God weet dis die waarheid hier voor Sy Bybel. Hy . . . Ons lewe in die eindtyd, sekerlik.

5 O, ek's so bly dat die profeet belowe het dit sou Lig wees in die aand. In hierdie uur dat wanneer dit so donker is in die wêreld, en om te weet dat ons lewe en wandel in die Lig, die Lig wat Hy belowe het, gesê het Hy sou dit doen, belowe het Hy sou, en hier is ons, die bevoorregte mense vanaand, om daardie dinge te geniet aan die eindtyd.

6 Nou, onthou, die Kerk sal nie wees nie, Dit sal nie 'n *yslike*, yslike, groot *ding* wees nie. Dis altyd, deur elke tydperk, net in die minderheid, net 'n klein . . . En gedurende die Donker Eeu het Dit amper heeltemal uitgegaan, en dan gaan Dit amper weer uit in hierdie tydperk hier, by die Laodicése Kerktydperk.

7 Broer Jack het my uitgenooi om daardie sewe kerktydperke een of ander tyd te preek, ek hoop ek kry ’n kans om dit te doen. O, ons het dit beslis by die huis geniet. Hoe die Heilige Gees ons geseën het!

8 En nou gaan ons oor na Beaumont van hier af, en aan na die Weskus, en kom terug en gaan in Ohio in, dan af deur Virginia, en Noord-Carolina, kom terug van daar af, op pad na Bloomington, Springfield, Chicago, dan van daar af, en gaan na noordelike Brits-Columbië, Fort St. John, en Grande Prairie, Dawson Creek, en daardeur. Hoop om teen Junie terug te kom, as die Here wil, om, dit is dan ses maande, ek kom betyds terug vir die oorsee, miskien, as die Here wil, op daardie tyd.

9 Nou, ons is bly om hier te wees vanaand, en soveel hier te sien, en met blink gesigte, en harte oop, en, net ’n wonderlike tyd, is dit nie? Ons is onder verwagting vanaand, ek is, wat die Here aan ons bekend sal maak, vanaand, Sy krag en heerlikheid, Homself aan ons sal vertoon. En of Hy dit doen, of nie, dan sal ons Hom net so glo.

10 Ek het pas van ’n vroutjie af gekom op pad van Duitsland af. ’n Paar weke gelede het sy ’n baba verloor. En sy het naby in Kalifornië gestaan, eenmaal, waar hulle ’n babatjie ingebring het, wat dood was. Het een oggend omtrent drie- of vieruur gesterf, ouers het heeldag gery, en dit was omtrent drie, vier, vyfuur, ja, omtrent sesuur in die middag, die moeder wat agter in die motor sit, wat hierdie klein, koue vormpie in haar arms vashou. En toe hulle by die plek gekom het waar ek was, San Bernardino, het hulle die babatjie geneem, dit gebring na waar ek gestaan het, en ek het gesê: “O! Hoe lank is die baba al dood?”

Sy het gesê: “Van vanmôre, vroeg af.”

11 En ek het die klein, koue vormpie opgetel, dit was alreeds styf, en hierdie mense wat daar gestaan het, ek het dit in my arms gehou, begin bid tot ons dierbare Here. Ek het gevoel die baba word warm, dit net aanhou vashou, net binne ’n paar minute het dit begin skop, huil, Ek gee dit aan sy moeder. So, toe wanneer . . .

12 Nou, julle sien, ons maak nie daardie dinge bekend nie. Sien? Die ding daarvan is, daar’s te veel—te veel glans vandag in ons . . . Ons—ons probeer *iets* groot hê om te adverteer, nee, dis nie daarvoor nie. Die wêreld sal dit in elk geval nooit ontvang nie. Hy kom na die Kerk toe, dis vir die Kerk, die—die mense van God. Hierdie groot, glansryke dinge werk nie in die Koninkryk van God nie.

13 Mense gaan verbaas wees wanneer hulle uitvind wie die gelowiges is, en wie nie. Sal wees soos dit was toe Johannes gekom het, die eerste koms van Jesus daar was Anna by die tempel, en Johannes die Doper, en—en ’n, net ’n paar wat regtig gelowiges was, het dit regtig ontvang. Nou sien ons uit na Sy koms.

14 Hierdie moedertjie wat daar gestaan het, sy het, haar baba het gesterf oorkant in Duitsland, haar man is 'n kapelaan, en hulle het gebel, langafstand, omtrent vyf keer deur 'n dag en nag om my te vra om te kom, gesê hulle weet dat God daardie babatjie sou opwek.

Ek het gesê: "Laat ek gaan bid," en ek het gegaan en gebid, daardie middag gebid, daardie aand.

15 En ek sal julle wys of die dokters glo of nie. Toe sy alreeds vir die dokter my boek gegee het om te lees, oor, dink ek, met die titel *Profeet Besoek Afrika*, iets soos daardie, en wanneer. . . Sy het gesê: "God sal die baba opwek," het die moedertjie gesê: "God sal die baba opwek." En die baba was dood voor hulle geweet het, omtrent vier of vyf uur. En so, het hulle die vader gekry, hom laat weet by die basis waar hy was. En die baba was dood, het in die nag gesterf.

16 En so, het die dokter gesê: "Goed. Jou sê wat ek sal doen," gesê: "ek sal oorglip en die suurstof weer aanskakel." En hy het daardie baba daar laat lê vir twee dae met die suurstof daarop aangeskakel, en gewag. En ek was hier oorkant aan die bid, hulle sou my oorvlieg met 'n straler, ek kon hier vertrek met 'n Weermagstraler en dieselfde dag terug wees, na Duitsland.

17 En een oggend omtrent daglig het ek opgestaan, en die vrou het uit die kamer uitgegaan, toe sy uit die kamer uitgegaan het, ek het pas wakker geword, en ek, wat 'n bietjie daar gelê het, dadelik het ek Iets in die kamer hoor inkom, en ek het gekyk, daar was Iets wat in die kamer beweeg het. En ek het net opgespring, en ek het gesê: "Here, wat wil U vir U dienskneg laat weet?"

Gesê: "Moet dit nie bestraf nie, dis die hand van die Here." Sien?

So ek het haar op die telefoon gekry, ek het gesê: "Nee, God het jou baba geroep."

18 En so, toe sy oorgekom het om ons te sien, die aand, het ek haar by die huis gelos toe ek gister vertrek het, sy het gesê: "Wat was dit, Broer Branham? My—my swakheid van geloof?"

19 Ek het gesê: "Jy het groot geloof, jy het gebid vir jou baba, jy en jou man het vasgehou aan God, om daardie baba groot te maak, en Hy het geweier om dit te doen omdat Hy weet wat die beste is, en steeds het jy Hom lief."

20 Dis ware geloof. Enigiemand, wanneer berge beweeg, en dinge, kan geloof hê, maar laat dit eenkeer agteruit gaan, en kyk hoe dit werk, dis wanneer jy bewys of jy geloof het of nie.

21 "Elke seun wat na God toe kom, moet deur God getugtig en beproef word." So onthou, ons beproewinge bewerk lydsaamheid, en lydsaamheid bewerk hoop, ensovoorts. So ons hou net vas aan God, of Hy ons seën of nie, ons is net daar

om Hom in elk geval te glo, want Hy het dit belowe. En om te sien hoe Hy dit doen!

22 Nou, voor ons die onderwerp benader deur die Woord te lees, want geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God. . . En nou, ek wil nie te lank wees nie, want Broer Jack het my gebel en gevra om na hierdie kant toe te kom, wat ek bly was om dit te doen, gesê hulle het nog 'n paar siek mense gehad wat voor gebid wou word. So goed, ons het gedink ons sal dit doen, en dan 'n rukkie met julle praat voor ons vir die siek mense bid.

23 En ek het Billy afgestuur vanaand, hy het gesê hy het gebedskaartjies uitgegee, sodat as daar 'n groot, oorvol skare was, wel, ons sou hulle roep van gebedskaartjies af, en nie, ons hoef dit nie te hê nie.

24 So, voor ons Sy Woord nader, laat ons Hom nader net vir 'n oomblik van gebed. Sou daar enige wees wat onthou sou wou word in hierdie gebed vanaand? God seën julle. God antwoord julle gebede, Hy ken julle behoeftes.

25 Nou, met julle hoofde gebuig, wonder ek of daar 'n sondaar-man, of -vrou, -seun, of -meisie is, wat graag wil sê: "Onthou my, Broer Branham, voor God, vanaand, terwyl jy bid." Sal jy jou hand opsteek? God seën jou. God seën jou. God seën jou. Baie, regoor die gebou, omtrent tien of vyftien hande op, sondaars.

26 Party sonder die Lig van God in hulle siel deur die Heilige Gees, sal jy jou hand opsteek? Sê: "Onthou my, Broer Branham." God seën julle. O, net hande oral.

27 Ons Hemelse Vader, ons nader U troon van genade en barmhartigheid. Ons kom, nederig, in die Naam van Jesus, want ons is seker dat Hy ons sal hoor, want Hy het gesê: "Julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen." So dis die belofte, dat ons weet dit is waar, maak nie saak hoeveel ons ongeloof dit hinder nie, tog is dit waar. So ons glo, vanaand, met alles wat in ons is, dat U ons hoor.

28 Ons glo dat U hier is, en U sal ons gebede beantwoord, en veral vir daardie sondaars wat hulle hande opgesteek het, mag hulle die Lig van God sien, vanaand. Mag hierdie altaar vind dat hulle daarop neerbuig, om genade smeek vir hulle sondige siel. Skenk dit, Here.

29 Ek bid vir diegene wat nie die Heilige Gees in hulle lewe het om hulle te lei nie. Mag God in daardie beheertoring inkom vanaand en oorneem, hulle Lig lei, hulle lewe in hierdie donker uur, wanneer dit by 'n tyd gekom het waar nasies nie weet wat om te doen nie, maar U is die Weg, die Waarheid, en die Lewe. Ons is so bly dat ons U ooit gevind het, Here, jare gelede, so kosbaar vir ons hart, U is 'n teenswoordige Hulp in 'n tyd van probleme. Ek bid vir hulle, elkeen, dat hulle gevul sal word met die Heilige Gees, vanaand.

30 Seën die siekes en die beproefdes wat in die gebou en buite die gebou is, verswak, of waar hulle ook al mag wees, bid ons om genade vir hulle, Vader.

31 Nou, ons sou U vra om die kerk te seën, voort te gaan om dit te seën. Ons wil U bedank vir wat U doen vir hierdie plaaslike liggaam, hier, van gelowiges, hierdie heilige, goddelike mense wat U Naam vrees, Here, en U glo dat U sal kom, eendag, om ons te ontvang. Al slaap ons in die stof, sal nie verhinder nie, want die basuin van God sal weerklink, die dooies in Christus sal eerste opstaan, ons gaan, in elk geval, die dood kan ons nie stop nie, niks kan ons keer om Hom te ontmoet nie.

32 O God, ons is so bly dat die Bloed van Jesus toegepas is op ons siele, Sy Gees wat in ons woon! Ons bid nou dat U elkeen van ons burgers van die Koninkryk sal maak, vanaand. God, genees die siekes en die beproefdes, kry U die eer.

33 En soos ons U Woord nou nader vir 'n boodskap aan hierdie afwagtende gemeente, party wag om geseën te word, party wag om gevul te word, party wag om genees te word, party wag om gered te word, laat die Heilige Gees elkeen van ons bedien, Here, volgens ons behoeftes.

34 En my behoefte, diep, is nou, Here, is U, kom spreek, O God, en laat die Heilige Gees beweeg op die Woord soos Hy beweeg het op die water in die begin, en sê: "Laat daar Lig wees," soos die Woord uitgaan, want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

35 In die voorlesing, as julle dit graag wil merk. . .En ek was gewoond, die laaste paar weke, om te praat en gedeeltes van die Skrifte neer te skryf, en ek het omtrent vier bladsye van hulle hier, ek weet nie hoe ek ooit by hulle sou uitkom nie. Maar, as julle dit graag wil doen, wel, is julle meer as welkom. Ek dink nou partymaal dat die einde so naby is, ek het gedink, miskien, sou ek net 'n bietjie leer oor 'n onderwerp.

36 Julle kan blaai na Johannes die 1ste hoofstuk. En ons sou die eerste Skrif uit die 1ste hoofstuk lees, en die tweede Skriflesing uit die 4de hoofstuk van Johannes. Johannes die 1ste hoofstuk, en die 40ste vers van die 1ste hoofstuk, ons lees tot by die 43ste. En die 4de hoofstuk, begin ons by die 24ste, 25ste, en 26ste vers. 1ste hoofstuk, 40ste vers:

> *Een van die twee wat Johannes hoor praat het, en Hom gevolg het, was Andréas, Simon Petrus se broer.*
>
> *Hy* vind *eers sy eie broer Simon, en sê vir hom, Ons het die Messias gevind, wat, as dit vertaal word, die Christus is.*
>
> *En hy het hom na Jesus toe gebring. En toe Jesus hom aanskou, sê hy, Jy is Simon, die seun van Jona: jy sal genoem word Sefas, wat as dit vertaal word, 'n Klip, is.*

37 En in die 24ste vers van die 4de hoofstuk lees ons dit:

*God is 'n Gees: en dié wat Hom aanbid, moet Hom in gees en waarheid aanbid.*

*Die vrou* het *vir Hom* gesê: *Ek weet dat die Messias kom, wat Christus genoem word: en wanneer Hy kom, sal Hy ons alles vertel.*

*Jesus* het *vir haar* gesê, *Dit is Ek wat met jou spreek.*

38 Ek wil vyf-letter woord van daar af neem vir 'n teks: M-e-s-s-i-a-s, *Messias*.

39 Ek wil hê my onderwerp vanaand moet oor die woord *Die Messias* wees. Die woord self beteken "die Gesalfde," of dit kan gebruik word "die Gesalfde Koning," en dit beteken ook "Christus." Maar ons gaan dit eerste gebruik in hierdie gedagte van "die Gesalfde Koning."

40 Dit verskyn eerste in Génesis 3:15, as julle 'n paar Skrifte wil neerskryf, die beloofde Saad van die vrou, wat die Gesalfde moes wees. Regdeur die Skrifte praat al die profete van daardie Een wat sal kom, die Gesalfde Koning. Ek hou van daardie woord *gesalfde*, God wat Een salf. En Hy moes 'n Koning wees Wat vir Israel moes lei na vryheid van al die nasies, en hulle rgeerders oor die nasies maak, die Gesalfde Koning moes dit doen.

41 Ek glo dat Jesus van Násaret elke beskrywing vervul het waarvan al die profete gepraat het die Messias sou wees. Ek glo dat in Jesaja 9:6, toe die, hulle het, Israel gevra het vir 'n teken, God gesê het: "Ek sal hulle 'n ewigdurende teken gee," 'n teken, 'n Ewige teken, een wat vir ewig sou wees, gesê: "'n maagd sal swanger word, dit sal 'n teken wees. En daardie Een wat uit haar gebore sal word, Sy Naam sal genoem word Raadsman, die Vredevors, die Sterke God, en die ewige Vader." En ek glo dat Jesus elke beskrywing van elke belofte nagekom het wat Jehova gemaak het as die komende Koning en Messias.

42 Maak nie saak hoe sterk baie geglo het dat Hy verslaan is in Sy werk nie, Hy is steeds Koning, Hy is nou 'n Koning, Hy's Koning van die heiliges, Openbaring sê so: "U Koning van die heiliges." Hy het 'n Koninkryk. Is julle nie bly julle behoort in daardie Heerskappy vanaand, in die Heerskappy van die Gesalfde nie? Nie net dit nie, maar Hy het ons konings en priesters vir God gemaak, gesalfdes vir God.

43 Nou, hoewel Jesus, al hierdie kwalifikasies nagekom het, en die Jode hierdie beloftes vir jare gelees het, hoe het dit ooit nadergesluip na hulle, en verbygeglip sonder dat hulle dit gesien het? Daardie teoloë, so goed belese in die Skrifte, so puntenerig oor hulle Skrifte, en tog het hulle Hom nie gesien as die Gesalfde nie. Dit klink alhoewel dit nie kon gebeur het nie, lyk asof hulle Hom sou geken het, so goed vertoud, maar God het hulle oë verblind.

44 Dit wys dat dit die hand van God was. Hy was te duidelik bekend, Sy tekens van Messias het Hom bewys as Messias, Hom bewys as die Gesalfde. En vir hulle om dit te mis, moes dit sekerlik die hand van God wees om hulle te verblind, dat hulle dit nie gemis het nie, of dat hulle, of waar hulle dit nie sou mis nie, liewer. En dis dieselfde ding vandag, as die Evangelie verborge is, is dit verberg vir hulle wat blind is, en die enigste manier wat hulle sig kan ontvang, is deur God.

45 Nou, Jesaja 9:6, ons sal dit net nie lees nie, maar Hy moes die ewigdurende Vader wees, die Sterke God. Toe God die mens gemaak het in Génesis 1:26, wys dit, as jy daardie Skrif neerskryf, Génesis 1:26, wys dit dat God die mens gemaak het om 'n god te wees van die begin af, die mens is gemaak om 'n god te wees, 'n kleiner god. Hy is gemaak na die beeld en gelykenis van God, hy het hande gehad soos God, hy het voete, oë, ore, gehad soos God, en intelligensie soos God, sy hele vesel, omdat hy 'n seun van God was, en die, Jesus het na hom verwys as god.

46 Jesus het gesê: "Hoe kan julle My veroordeel om te sê Ek is die Seun van God? Is daar nie in julle wet geskrywe dat julle gode is nie? En as hulle diegene, na wie die Woord van God gekom het, gode noem, hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" Hy het verwys na die profete, die gesalfdes, kleiner gesalfdes. Jesus was so gesalf dat Hy meer as 'n profeet was, Jesus was so gesalf dat Hy die Volheid van die Godheid liggaamlik was, Hy *was* God. Die profete het dieselfde soort salwing gehad, net in 'n mindere mate.

47 En in Génesis 1:26, toe God die mens gemaak het, het Hy hom 'n god gemaak, omdat Hy hom 'n heerskappy gegee het, en hy het heerskappy gehad. Hy het mag gehad oor die voëls van die lug, die vee, oor die winde, die golwe, die—die visse van die see, die, alles, hy het heerskappy gehad oor alles. Hy was 'n heerser, gesalf as 'n heerser, want hy was in die gelykenis en na die beeld van God met 'n aardse domein. Dis waarom die Bybel sê die aarde sug, huil, wag, vir die manifestasies van die seuns van God, die wêreld wag vir die mens om terug te kom in sy regte toestand.

48 Nou, hy is gemaak na die beeld en gelykenis van God, dit maak sy . . . Toe God hom gemaak het, het God hom van Sy Gees gegee, deel van Sy Lewe, en hy's in die gelykenis en die beeld van God. Daarom soos hierbinne, die mens in sy natuurlike toestand, soos ons nou is, jy kan sien dat hy baie meer as 'n dier is, soos hulle probeer sê ons is, want die mens, in sy gevalle toestand, tog as 'n gevalle seun van God, kan hy homself steeds verbeter, hy het 'n intelligensie.

49 Hy bou vir homself 'n beter huis, lewensomstandighede; hy maak vir homself beter reistoestande, hy kan homself nou deur die lug versnel teen negentienhonderd myl per uur in 'n straalvliegtuig, of vuurpyl.

50 En hy het—hy het homself so gemaak dat hy amper om die wêreld kan reis binne net vier-en-twintig uur, stuur net 'n—'n satelliet in die lug in bokant die ruimte waar die lug draai, die wentelbaan van die wêreld, en staan stil, en kyk hoe die wêreld onder hom verbygaan, en heeltemal omgaan binne vier-en-twintig uur, net stilstaan op een plek, in die lug opgaan en daar staan, reguit terugkom, en weer tuis wees, net staan bo die—die draaiende aarde, waar die aarde sy stroom omtrek, die winde maak, ensovoorts, die stroom.

51 Wêreld wat draai, teen omtrent byna vyf-en-twintighonderd myl per uur, nee, ek sal sê omtrent elfhonderd myl per uur. Dis vyf-en-twintighonderd myl om dit, en dit gaan elke vier-en-twintig uur om, baie na aan elfhonderd myl per uur. En hy gaan op in die lug, en oorkom dit, staan bo swaartekrag, en staan daar en kyk hoe die wêreld onder hom verbygaan. Hy's slim, intelligent. En hy's—hy's gemaak na die beeld en die gelykenis van God, en in hom is Lig.

52 Nou, byvoorbeeld wanneer 'n man gered word, is hy net omtrent soos...Die Lig wat in hom inkom, is omtrent soos hierdie klein wit knopie op my hemp. Dis wanneer God in die binneste deel van 'n mens inkom. In die binneste deel van 'n mens of...'n Mens is gemaak in die stelsel van 'n tabernakel, in die buitenste voorhowe, dan heiligdom, en die Allerheiligste, die Shekinah Heerlikheid aan die binnekant, die voorhangsel.

53 Nou, aan die buitepoorte van 'n man is sy vyf sintuie wat in sy liggaam ingaan. Aan die binnekant, wat sy siel is, of, die—die—die siel is die natuur van die gees wat aan die binnekant van sy hart is, wat sy siel voortbring, wat die atmosfeer rondom hom vorm, hy het ook vyf ingange.

54 Dan aan die binnekant, het hy net een poort, een ingang om in die Shekinah Heerlikheid in te gaan, waar God in hom kan ingaan, en oorneem in die beheertoring. En daardie weg is deur eie wil. Of jy sal, of nie, dit hang van jou af. Maar dis die enigste weg wat oop is vir die man wat God in sy hart kan inkom, is deur eie wil. Plaas hom weer reguit terug soos Adam en Eva op vrye morele agentskap. Jy kan reg of verkeerd kies, enigeen wat jy wil.

55 Nou, eie wil, dan kom God in die mens in, in die hart, wat die gees is, dan maak die gees die siel, en dan woon die siel in die liggaam. Nou, wanneer 'n man bekeer is, sê, net soos daardie klein, wit Knopie in sy hart begin, nou, daardie deel is God, God, wanneer hy wedergebore is met die Gees van God, woon God se Gees in hom.

56 Nou, soos hy daardie Gees kan laat groei, en al die wortels van bitterheid uithaal, en weer God se pad deur hom druk, kan hy terugkom in dieselfde toestand wat hy was toe hy in die tuin van Eden was. Jesus het gesê in—in Markus 11:24: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: 'Hef jou op,'

en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Dit plaas hom weer reguit terug, plaas hom reguit terug in die toestand.

57 Nou, ons bestaan uit ligmeters, binne-in ons is kosmiese lig. Nou, daardie kosmiese lig is 'n lig waarmee hulle 'n x-straal kan neem. Die x-straal kom nie van die x-straal lig nie, dit kom van jou eie lig. En dan as daardie kosmiese lig, sê, gedruk kon word na 'n plek waar nie kosmiese lig nie, maar Ewige Lig, God oppermatig kon woon, om ons dinkwerk te doen, ons te laat wandel, ons praatwerk te doen, dan is dit nie meer die mens nie, dis God in die mens.

58 Ek veronderstel ek maak julle doof deur *hierdie* ding, want ek hoor dit weerklink, dit het 'n vreeslike stem. Dit is nie ek nie, dis *hierdie*, nou sien, blameer dit.

59 Nou, hy het Lig, Lewe. Ewige Lewe is die Lig van God wat in die mens woon. En soos hy sal oorgee aan die Gees, word hy meer on-menslik -sondaar-agtig, en word meer God-agtig.

60 Hier nie lank gelede nie, het hulle 'n x-straal geneem van 'n man wat bid vir 'n siek man, *Reader's Digest* het dit berig, en uitgevind 'n straal van Lig wat van een van die mans afgekom het, nie almal van hulle af nie, maar een van die mans se hande het 'n Ligstraal weerkaats toe hulle 'n stuk loodfoelie onder die man se hand gesit het. Ek reken julle het dit self gelees.

61 In Engeland, het hulle die *genesers*, het hulle hulle genoem, losgelaat in al die hospitale, daar was tagtig persent meer genesing gedoen deur Goddelike genesing as wat mediese genesings gedoen het. *Reader's Digest* het dit hier oorkant opgetel, dit was in *Newsweek*, en *Reader's Digest* het dit opgetel en dit probeer, en hulle het gevind dat daar 'n Ligstraal was.

62 Toe hierdie man, opreg, sonder om te weet hulle doen dit, sy hande op 'n man gesit en 'n ernstige gebed gebid het, het hulle die x-straal neergesit, en uitgevind dat daar 'n Lig, uit sy hand gekom het. God het geweet waarvan Hy gepraat het toe Hy gesê het: "Lê hande op die siekes, en hulle sal gesond word." Hy weet waarvan Hy gepraat het. O, ek wil die Kerk sien indruk in daardie plek waar Dit kan kom soos God wil hê Dit moet wees!

63 Dan, toe God vlees geword het en die Messias geword het, dan as ons onsself kan oorgee om die gesalfdes te wees soos Hy was, word ons Messiasies, klein Liggies. Dis wat die Kerk veronderstel is om te wees, Ligte, klein gesalfdetjies. Dis God se Kerk.

64 Sy staande Lig is die Lig van Messias, herrese Christus in Sy mense, die gesalfdes, wat Sy Lig uitdra in al die kerkeeue. Partymaal gaan Dit amper heeltemal uit, dan kom Dit weer terug, God se Gesalfde, God se Messiaanse Kerk.

65 As *Messias* "die Gesalfde" beteken, en "Koning" beteken, dan as die Kerk gesalf is met die Messias Gees, word dit 'n

kleiner, maar steeds, 'n Messias, want Dit het Sy Lig, wat Sy krag reflekteer, Sy heerlikheid reflekteer, Sy heerskappy reflekteer, so Dit is *Messias*. O, hoe dit Hom reflekteer in Sy Koninkryk in Sy domein!

66 Die probleem vandag, ons het die kerk tot die dood toe georganiseer, en ons het organisasie in plaas van Messias Lig. Ons het Russellig, proselig, en alle ander soorte *lig*, maar ons het Messias *Lig* nodig, wat die kerk vandag nodig het, die *Lig* van die Messias. O, ek het Hom lief vir Sy goedheid!

67 Nou, dit is waar, God het Messiasse geroep, God het ons geroep, en ons word konings en priesters vir God, soos Jesus God se Hoëpriester was, word ons 'n kleiner priester. Jesus was God in Volheid, in Hom gewoon om die uitdrukking van God aan die wêreld te laat skyn, want God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen. En soos God in Christus die wêreld met Homself versoen het, kom God in Sy Kerk in en salf vir Hom 'n paar Messiasies. O, goeiste! Sien julle dit?

68 Dieselfde dinge wat Hy gedoen het, is in Sy Kerk, dieselfde krag wat Hy gehad het, is in Sy Kerk, en Sy Kerk word Sy Heerskappy, en Hy is Koning oor hierdie Heerskappy, en ons is konings en priesters, om geestelike offerandes aan God te offer, die vrugte van ons lippe wat Sy Naam prys. Amen. O, goeiste! Daar het julle dit. Messiasies, Messiasies, klein messiasse, klein gesalfdes. Gesalf van waaraf? Die Hoof, gesalf van die Grote af.

69 O, toe Jesus op aarde was, kon hulle nie ontken dat Hy Messias was nie, want Hy het die tekens van die Messias gedoen. Die Jode was verblind, en dis waarom hulle Hom nie gesien het en Sy tekens as Messias gesien het nie. Dis wat die probleem is met die kerk vanaand, dis verblind, die buitewêreld, hulle kan dit nie sien nie, want die god van hierdie aarde het hulle oë verblind vir die dinge wat geestelik is. O, as ons net kon verstaan!

70 Jesus het rondgegaan en die tekens van die Messias gedoen, en die mense het Hom gelaster. En as hulle die groot Gesalfde Koning, Messias, gelaster het, hoeveel te meer sal hulle diegene van Sy huisgesin noem, van Sy Koninkryk? Beëlsebubs, en wat hulle Hom ook al nog genoem het, hulle noem julle erger as dit, "Holy-roller, holy-jumper, *so-iets*." Hulle het altyd 'n skandelike naam Daarvoor, omdat dit van die duiwel af kom. En hulle het diegene van Sy huisgesin genoem, het Hy gesê, meer as hulle. . . as hulle Hom so genoem het, wat sou hulle diegene van Sy huisgesin noem? Maar steeds, maak dit net dieselfde.

71 Nou sê julle: "Nou, Broer Branham, Jesus het die teken van die Messias gehad. Hoe weet ons wat die teken was?" Wel, toe Hy gekom het, het die Bybel gesê dat wanneer die Messias kom, Hy 'n—'n Profeet sou wees, en tekens van die profeet sou wys, enige Skrifleraar weet dit, Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is."

72 En diegene, toe Hy daardie tekens gedoen het om Homself te vertoon, soos in die—hoofstuk 4 hier, toe Hy vir die vrou gesê het sy het vyf mans gehad, het sy gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n Profeet is. Ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy ons alles sal vertel.”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

Sy het in die stad ingehardloop en vir al die mans van die stad gesê: “Kom, sien ’n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?”

73 Jesus het Self gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. As Ek aanspraak maak om die salwing te hê, en nie die werke van God doen nie, want Ek is gesalf deur Hom, saam met Hom, Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis, die Vader wat in My woon, Hy doen die werke, en as Ek nie daardie werke doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek hulle doen, glo hulle.”

74 Nou, dit was vir Messias, vir Messiasies, die Kerk. Hier kom dit. Is julle gereed? Johannes 14:12, het Jesus gesê: “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen,” Messiasies: dis reg, Messiasies, die voorstelling van Messias op aarde, nog steeds.

75 Markus 16, het Hy gesê: “Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Hierdie tekens sal volg,” die Messiasies. “Hy wat glo en gedoop word, sal gered word. Hy wat nie glo nie, sal veroordeel word, en vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

76 Hoe ver? Aan die hele wêreld. Aan wie? Elke skepsel. O, ek’s so bly! Hoe gaan jy dit uitvee?

Gesê: “Dis net vir die dissipels.”

77 Aan die dissipels? Hy het gesê: “Aan die hele wêreld, en aan elke skepsel. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

78 Ek wonder waar mense wat nie glo in tekens en wonders wat die gelowiges volg nie, hoe sou jy ooit die geskiedenis van die kerk lees en dink dit het opgehou by die apostels? Die kerktydperke, ek het die Niceense Vaders gelees, die *Niceense Raad*, o, al die ou skrywers waaraan ek kon dink om te lees, Hislop se *Twee Babilons*, en baie van die ander antieke boeke, en die heelpad tot by die vroeë Katolieke kerk, daar vir die eerste seshonderd jaar na Christus, daar was Irenaeus, Sint Martin, Columba, en almal van daardie, elkeen van daardie heilige manne, hulle het die doop gepreek in die Naam van Jesus Christus, hulle het die vergewing van sondes gepreek, hulle het praat in tale gepreek, hulle het die dooies opgewek, hulle het die siekes genees, tekens en wonders het hulle reguit gevolg tot by die Donker Eeue, en deur die Donker Eeue. Daar was ’n klein minderheid die heeltyd, wat daardie Evangelie Lig laat skyn het.

Wat was dit? Messiasies, hulle wat die Messiaanse Koninkryk verteenwoordig.

79 Jesus het nooit gefaal nie, Hy het net presies gedoen wat Hy beveel was om te doen, en Hy het gekom om 'n Koninkryk te vestig, en Hy het dit gedoen. Die Koninkryk van God kom in die hart in deur die krag van die Heilige Gees, bring God se Gees op 'n gesalfde Kerk om tekens en wonders te doen soos Hy het, om te bewys dat Messias Koning van Sy Koninkryk is. Amen. Ek voel nou om 'n bietjie te skree, self.

80 O, wanneer daar soveel mense is met 'n kaartjie daarbuite, "Kom sluit by ons aan, kom sluit by *hierdie* een aan, kom sluit by *hierdie* een aan. Ons het die grootste, ons het *hierdie*, ons het die duurste!" Watter verskil maak dit? Dit alles is dwaasheid en sal vergaan.

81 Maar die Koninkryk van God word gevestig in die hart en siel van 'n man deur 'n openbaring van Jesus Christus. En Hy het gesê: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie." Na hierdie openbaring, en om 'n openbaring te hê, word jy 'n gelowige, en deur hierdie tekens te glo, sal hulle volg wat geglo het.

82 Sien julle wat Messias is? Messias is die Koninkryk van God, gesalfdes, hulle wat gesalf is met dieselfde Gees waarmee Hy gesalf is. Hy . . .

83 Een het eendag vir Hom gesê: "Sal my seuns aan die regter- en linkerhand sit?"

Hy het gesê: "Kan jy die beker drink wat Ek drink? Kan jy gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop is?"

Sy het gesê: "Ja."

En Hy het gesê: "Jy sal. Maar die Koninkryk, om die regter- en linkerhand te sit, is nie Myne om te gee nie."

84 So dit het gewys dat ons dieselfde beker van vervolging kon drink, *Beëlsebub* genoem word, of wat dit ook al mag wees, en steeds gedoop word met dieselfde Gees waarmee Hy gedoop is, so as Hy *Messias* genoem is, wat Hy was, omdat Hy gesalf was met daardie Heilige Gees, en enige kerk wat gesalf is met dieselfde Heilige Gees, is 'n Messiasie, 'n bietjie, kleiner god. En eendag wanneer hierdie liggaam opgewek word, hoop ek voor die tyd, dat God 'n klomp mense kan beetkry wat Sy krag sal manifesteer in elke dimensie waarin dit veronderstel is om te wees.

85 *Messias*: "Gesalfde, 'n Koning wat verlos, 'n Koning." Julle is konings en priesters, konings om in te bring, priesters om 'n Messias te bedien. Sy tekens moes volg in alle eeue, om Sy Lig te weerkaats, Sy Teenwoordigheid by Sy Koninkryk, mense.

86 Nou, moenie—jy hoef nie te sterf om dit te kry nie, jy moet geestelik sterf, maar jy hoef nie fisies te sterf nie. Die binnekant is waar God inkom om jou te beheer, en Hy, soos Hy Homself

vorentoe druk in jou, moenie enige wortel van bitterheid, haat, kwaadwilligheid, twis toelaat, wat—wat Hom weer reguit sal terugstoot nie. Kry net al die gemeenheid, en die bygelowe, en al die—die ongeloof uit julle uit. En elke keer wat jy 'n bietjie ongeloof laat uitbeweeg, tree God reguit in, en neem oor, beweeg ongeloof uit.

87 Hy het vir Josua gesê: "Oral waar die sole van jou voete getrap het, dit gee Ek vir jou." En vanaand, soos ons in die Koninkryk ingaan, God se Koninkryk, al die Filistynse ongelowiges uitneem, en al die Amoriete, en die Amalekiete, en wat nog, gooi dit uit ons uit soos daardie, neem ons in besit. Amen. Ek hou daarvan.

Sê: "Dae van wonderwerke is verby."

"Jou Amoriet, gaan uit my uit! Ek het 'n voetspoor daar gemaak, ek het oorgeneem."

"Daar is glad nie so-iets soos—soos om visioene te sien nie."

"Gaan hier uit, jou Amalekiet! Ek kom oor."

88 Daar het julle dit, julle druk uit. Van daardie klein Knopie af, neem dit jou vesels oor, sprei uit, God wat deur jou werk, in jou, rondom jou.

89 Geen wonder Elía het sy liggaam op daardie dooie baba gelê en dit het lewendig geword nie, Dit was God in daardie man. God het oorgeneem, hy was gesalf, Jesus het gesê hy was. Elke profeet van God in die Ou Testament was gesalf met die Heilige Gees, hulle was, dan was hulle kleiner Ligte. Hy was die Volheid van God, as Messias, dan was hulle was Messiasies, kleiner Messiasse, want hulle was gesalf met dieselfde Gees waarmee Hy gesalf was, Hy het Dit net in die Volheid gehad.

90 En elke mens vandag, wat die ware doop van die Heilige Gees ontvang het, is gesalf met dieselfde Gees wat Jesus van Násaret was, wat rondgegaan het en goed gedoen het en die siekes genees het. O, goeiste! Dit laat my goed voel om te weet dat Hy vandag lewe.

91 Daar's iets omtrent 'n mens, hy is 'n god, hy is gemaak om 'n god te wees, sy doel hier op aarde was om 'n god te wees, om 'n heerskappy te hê oor alles op die aarde. O, goeiste! Nou, moenie dat dit julle laat steier nie, want ek het nog 'n paar Skrifte hier neergeskryf, sien.

92 Hier nou die aand het ek gesien op 'n uitsending van 'n man met psigiese, verstandelike geloof wat 'n glas water sit, en teruggetree en bly konsentreer het op daardie glas water totdat hy dit gebars het, net deur konsentrasie, daardie glas water dop te hou, en die glas het gekraak, en die water het uitgeloop, net suiwer verstandelike toewyding.

93 Hoekom? Dis sy vesels, dis sy samestelling. As hy dit kan doen, 'n krag in hom het, deur verstandelike denke, wat 'n glas

water kan breek, en hy wat 'n sondaar is, wys dit dat daar iets in daardie man gemaak is. Hy's in 'n gevalle—gevalle, verdraaide toestand, maar as daardie man net kan terugkom na God, en God in hom laat inkom, wel, met daardie krag wat losgelaat is van die Koninkryk van God!

94 Hy het geen geleier gehad nie, hy was soos 'n haelgeweer, hy het net oraloor gespat, maar as daardie gees wat in 'n man is, bekeer kan word, en Christus daarin kan plaas, waar hy 'n Geleier het ('n *Geleier* is 'n draad wat dit gelei. Amen.), en laat 'n man met daardie selfde geloof in die Geleier van die Woord van God, kan hy die dooies opwek, die melaatses reinig, duiwels uitdryf. Amen. Hy's gemaak soos 'n god, hy lyk soos God. Is beslis, dis waarom God mens was, die mens God was, en dit is Sy nageslag, die mens. Hy probeer net die mens beetkry, probeer om die mens in Sy hand te kry.

95 Nou, nie geleiers nie. . .Nou, nie alle teologie is die regte soort geleier nie, julle weet, daar's 'n klomp teologieë wat 'n isolator daarvan is. Het baie kerke wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby, daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie, net duiwels praat in tale." Nou, dis 'n isolator, jy wil niks soos daardie hê nie, kom weg daarvan. Kom terug na die Woord, die Woord is God se Geleier. Die man wat in God se Woord glo, het God se Woord, staan so hoog soos hierdie geboue hierrond wanneer hy daarop uitstap. Dis die baas, Dit lei die man, Dit lei die gees, wanneer 'n man daarbinne gemaak is om 'n groot geloof te hê.

96 Wat maak, ek het hier gepreek by hierdie tabernakel 'n tyd gelede oor *Dors Na Die Lewe*, wat laat 'n vrou hier wil laat uitgaan en ruk-en-rol? Wat laat 'n seun, jong tienerkind, dit wil laat doen? En nie net dit nie, maar oupa en ouma. Waarom doen hulle dit? Wat laat hulle hier uitgaan? Waarom wil mense maak soos hulle maak? Is omdat hulle gemaak is om te dors na *Iets*, en, hulle gemaak is om te dors, maar om te dors na God, en hulle probeer daardie heilige dors les deur die duiwel te laat opstapel wat hy plesiere daarvan noem.

97 Jy sal dit nooit, nooit, nooit bevredig totdat God inkom en beheer oorneem nie. Jy kan dans, jy kan drink, jy kan owerspel pleeg, jy kan doen wat jy ook al wil, en jy sal wakker word, hoofpyn, en eendag in die hel. Maar die rede waarom jy dit doen, is omdat jy na die beeld van God gemaak is om na God te dors. God wil daar inkom, God wil Sy Woord in jou laat inkom. En Dit gebruik Dit as 'n Geleier, God het so gesê.

98 Soos Abraham: "God het gesê jy gaan 'n baba kry."

"Hoe weet jy jy gaan dit kry?"

"God het so gesê."

"Jy's 'n honderd jaar oud, hoe kan jy dit kry?"

"God het so gesê."

Hy was gesalf. Amen. Hy was gesalf, en hy het die Woord gehad, en die Woord was gesalf vir hom, Dit was 'n geleier wat na die baba gelei het.

99 Enige man of vrou, vanaand, wat daardie selfde Woord van God sal neem: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom," laat die salwing, die Messias, op jou kom, daardie Geleier sal jou reguit, reguit na jou genesing lei, Dit sal jou na verlossing lei. O, ek hou net daarvan!

100 Dis wat Dit sal doen, want jy is gemaak om te dors, gemaak vir God, en die duiwel probeer jou verdraai, jou laat dink jy het 'n lekker tyd hierbuite, jou blind hou soos wat hy doen, het die Jode, tot die tyd wat jy die skeidslyn oorsteek, en dan is jy gedaan.

101 Dis omtrent waar hierdie volk vandag is, en nie net hierdie een nie, maar ander. Die wêreld sal dit nie glo nie, die Bybel het gesê in Twee Timótheüs 3 dat "In die laaste dae hier dat hulle roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God sou wees, verraaiers, valse aanklaers, ondankbaar, en veragters van dié wat Messiasies is, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, wat 'n gedaante van godsaligheid het."

102 Moet julle nooit soek na hierdie groot, hoë-tipe evangelisasie, en dinge, om enigiets te doen nie, dis nie God se manier om dit te doen nie. "Hy het na Sy Eie gekom, Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Sien? Hy was klein, Hy het nie . . . Wel, Hy het net daar in Palestina gewoon byna Sy hele lewe lank, en ek sou sê tagtig persent van die mense het nooit geweet Hy was daar nie. Maar Hy is gestuur na die Kerk, Hy is gestuur na die mense wat Hy sou ontvang, Hy het Sy Eie geken, Sy Eie ken Hom: "My skape ken My Stem."

103 Moet dit nie laat verbygaan nie, Shreveport, asseblief. Hou dit! "My skape ken My Stem deur My Woord. My Woord, as dit onderrig word en nie dieselfde ding verklaar wat Ek het nie, dan is dit die verkeerde geleier." [Leë kol op band—Red.] . . . Messiasskap. So het die arend wat dit het, ons weet dit.

104 En nou, ons sê in die mens se . . . Die man, voor ek daardie onderwerp verlaat, die mens, wat is hy? Hy het 'n hand soos God, het oë soos God, het ore soos God, het 'n liggaam soos God, hy is soos God gevorm. Hy is 'n aarde en 'n heerskappy gegee, hy is god gemaak oor die aarde om die aarde te regeer, 'n kleiner god. God regeer die heelal, alles, maar die mens is die aarde gegee, om die aarde te regeer, hy was 'n—hy was 'n Messiasie.

105 Dis wat hy vanaand is as hy terugkom na God, hy is 'n Messiasie, 'n klein Messias. As hy . . . As *Messias* beteken: "Gesalfde," en jy's gesalf, wat is jy dan? Dis presies reg, 'n Messiasie. Ons noem dit so net om die Woord se onthalwe, totdat ons 'n bietjie verder afkom in die Skrif daarby. Goed.

106 Het julle al ooit hieraan gedink? Laat ek julle net iets vra. Kyk 'n oomblik na my. *Hierdie* is my hand, *dit* is my vinger, *hierdie* is my oor, *hierdie* is my neus, maar wie is *ek*? *Daardie* is nie *ek* nie, *daardie* is iets wat aan my behoort. Sien? *Hierdie* is my hand, maar wie is *ek* wat die hand besit? Huh? Sien, *hierdie* is net die huis waarin ek woon. Watter soort. . .?

107 Wel, daar moet iets daarin wees wat *ek* genoem word. *Ek* moet iewers wees, want *hierdie* is myne. Sien julle dit? *Ek* is iemand, want ek besit iets. Ek het 'n hand, dis myne. Wel, wie is *ek* aan wie *dit* behoort? Dis jou gees. Wel, dit hang af van watter soort gees dit is. Aan wie jy jou ledemate oorgee, dis wie se dienskneg jy is.

108 En dan, as jy 'n glas water kan kraak omdat jy 'n telepatie het, 'n verstandelike begrip, en 'n sekere krag wat jy kan uitgee deur 'n mens te wees, 'n mag van verstandelike krag wat onsigbaar is, en onbekend is, net deur daardie siklus, as jy 'n glas water kan breek, maar daardie soort gees, 'n menslike, verdraaide, veroordeelde gees, omdat jy gevorm is na die beeld van God, wat kan jy doen wanneer jy die God wat jou vorm, in jou laat inkom en jou laat beheer? Amen. Jy kan elke belofte van God laat gebeur. Ja, meneer. Elke belofte wat God belowe het, sal vervul word. Goed.

109 God se Gawe is Sy Woord, God het belowe, 'n Gawe gemaak, 'n Gawe gestuur, jy neem die Gawe, en dan saam met Sy Woord, daar's jou Geleier. Met die Gawe van God, as God jou die Gawe van die Heilige Gees gegee het (glo jy dit?), wel, die Woord van God is Geleier om daardie krag mee te gebruik, wat ook al die Heilige Gees jou belowe het, dis wat jy kan doen.

110 Sien, dis die Ding wat die Woord bring, die Woord gaan reguit uit, en die Heilige Gees volg die Woord. Waar die Woord ook al gepreek word, jy sien jou pastoor dit preek, eerste ding waarvan jy weet: "*Whew*," oor die gebou gaan die Heilige Gees. Sien? Dis reg. Dis die Geleier van die Woord. Die Woord gaan, of, die Woord is die geleier van die Gees, want waar die Woord gepreek word, volg die Gees dit, waar Dit ook al gaan, wel, volg die Gees die Woord. O, ek hou daarvan! Ek hou van gesonde Bybelleer, en die Bybelse Heilige Gees wat terugkom om Bybelleer te bevestig.

111 As die Heilige Gees dit nie bevestig nie, dan het jy jou drade gekruis, het jy 'n aard iewers. Ja, meneer. As jy daardie Woord aan die dinamo kan verbind, daardie groot ding wat die volheid van die stroom uitgee, sal Hy net—sal Hy net daardie draadjie vir jou aan die brand steek, dis reg, en Dit sal dinge vir jou doen.

112 Toe Johannes die Doper gekom het, was hy—was hy—was hy deel van die Woord, hy was soos 'n Messiasie. Hy was—hy was verordineer deur God deur die Woord, hy was 'n gawe van God wat na die wêreld toe gekom het. Glo julle dit? Jesaja 40 het gesê hy was die stem van een wat roep in die woestyn. En toe hy gekom

het en in sy posisie gekom het om uit te roep in die woestyn, was hy heeltemal vreesloos daarmee. Amen. Ja, meneer. Broer, nou kyk julle wat, hoe groot hy was.

113 Nou, toe God gepraat het van Johannes wat kom, wel, het Hy gesê al die berge het gehuppel soos klein rammetjies, die blare het hulle hande geklap, en die hoë plekke is laag gemaak, en die lae plek is hoog gemaak. Ek stel my voor die teologiese interpretasie daarvan was: "Heilige broers, eendag sal God die gange van die Hemel ooptrek, Jakob se leer laat sak, en daar sal 'n magtige profeet uit die hemele neerdaal, en 'n Engeleskaar wat saam met hom kom, wat afkom na die aarde. En hy sal in die agterplaas neerdaal, net hier, nou, met die tempel, waar die heilige tempel is, en as Kajafas hoëpriester is, sal hy sê: 'U Edelagbare, meneer, Ek het afgekom.'"

114 O, goeiste! Wat het gebeur? Toe hy gekom het, was dit 'n ou, bebaarde kêrel wat uit die woestyn gekom het, stuk skaapvel om hom gedraai, waarskynlik nooit elke drie maande 'n bad geneem nie, wat daar uitgestap het, wat in modder gestaan het tot by sy knieë, en gesê het: "Bekeer, want die Koninkryk van die Hemel is op hande!" Dis toe die berge gehuppel het soos klein rammetjies, dis toe die blare hulle hande geklap het, dis toe die hoë plekke laag gemaak is, en die lae plekke hoog gemaak is.

115 Wat—wat die mens groot noem, noem God dwaas. Ek wonder, of sommige van ons grootheid van evangelisasie vandag, God dit nie 'n klomp dwaasheid noem nie, om iemand groot te probeer ophemel, grootpraters, en alles. Ek wonder net wat God daarvan dink. Wel, Hy sou hê . . .

116 Dit is nie, hierdie—hierdie Evangelie gaan nie die wêreld skud nie, dis nie wêreldskuddend nie, dis Kerkskuddend, dit skud die Kerk. Net nou, in hierdie laaste paar jaar, is die Kerk geskud soos Dit nog nooit was nie, en die wêreld weet niks daarvan nie. Dit was nie veronderstel om die wêreld te skud nie, hulle is dood, in elk geval. Jy kan nie daardie ou, dooie karkasse daarbuite skud nie, hulle is twee keer dood, ontwortel. Hoe kan jy dit doen?

"Wel, ek behoort aan *So-en* . . ."

Wel, gaan voort en behoort daaraan. Sien? Jy kan hulle nie skud nie.

"Wel, ouma het *so-en-so* gemaak."

117 Dis, maak nie saak wat ouma gedoen het nie, wat doen God nou? Hierdie is die Lig, wandel Daarin. Ouma het in haar dae gelewe, was goed, maar jy kan nie in haar lewe lewe nie. Hoekom dra jy dan nie haar klere nie, suster? Miskien was dit net 'n bietjie te reguit, maar . . . Nee, jy wil haar kerk hê, maar jy sal nie haar klere dra nie.

118 Alle ware profete van God roep uit teen sonde, alle gesalfdes doen dit. Dis waar, hulle doen dit. En God hou Sy Woord vir elkeen, Hy doen dit altyd. God sal jou neem. . . Dit is, jy sal elke belofte ontvang as jy deur die Pinkster verekeningshuis gaan.

119 Julle weet, as jy 'n tjek uitskryf, sal hulle nie daardie tjek uitbetaal voordat dit deur die verekeningshuis gaan nie, dit moet deur die—die verekeningshuis gaan, dan word die tjek uitbetaal. En wanneer jy sê jy het bekeer, en jy's gereed om deur God se Pinkster verekeningshuis te gaan, sal God met elke gawe uitbetaal wat Hy belowe het. Amen.

120 Probeer eenkeer Handelinge 2:38, en kyk of dit Sy verekeningshuis is. Julle weet, Paulus het 'n paar mense ontmoet in Handelinge 19 wat nog nie deur die verekeningshuis gegaan het nie. Ja. Hy het gesê, o, hulle het groot blydskap gehad, maar gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

Gesê: "Het nie geweet dat daar so-iets is nie."

Gesê: "Hoe is julle gedoop?"

Gesê: "Ons is goed gedoop."

Gesê: "Hoe? Tot wat?

Gesê: "Met Johannes s'n."

Gesê: "Dit sal nie werk nie, julle moet deur die verekeningshuis gaan. God het klaar Sy bank gereed gekry om hierdie beloftes mee uit te betaal."

121 Petrus het gesê op die Dag van Pinkster: "Hierdie beloftes kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep."

122 En toe hulle ontmoet het, Handelinge 2:38, het God die tjek aanvaar, deur die verekeningshuis gegaan, en hier het dit teruggekom. Hulle het in tale begin praat, en geprofeteer, God verheerlik.

123 En God, wanneer 'n gelowige sy naam teken as 'n gelowige en deur God se Pinkster verekeningshuis gaan met die doop van die Heilige Gees, sal God elke belofte uitbetaal, en al die res. Sy bank is goed, Sy beloftes is werklik.

124 Alles is geteken in Jesus' Naam. Kan op geen ander manier teken nie, sal nie werk nie, Hy ken geen titels nie, Hy ken net die Naam. Amen. Glo julle dit? Sekerlik, dit is. Ja, meneer. Net Sy Naam is die enigste ding, Hy—Hy het gesê: "Vra die Vader enigiets in My Naam." Nou, moet jy nie vier of vyf verskillende name daarop gaan sit nie, Hy weet niks daarvan nie, tjek kom terug, jy sal 'n vals uitnodiging kry.

125 Maar wanneer jy ook al deur die verekeningshuis gaan (En God sal jou laat weet of dit deur die verekeningshuis kom, of nie: "Wat jy vra, sal gegee word. As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra wat julle wil," Johannes 15: "dit sal vir julle

gegee word." Reg.), dan het jy die salwing, dan is die Messias, Messiasies, liewer, die klein Messiasse, dieselfde gawe wat op Hom was.

126 Hy het die Woord gehoorsaam, en toe Hy gekom het om die Woord te vervul, toe was God, was Hy die Messias. Hy was die Me-. . .Hy was Jesus toe Hy gebore is, maar toe die Heilige Gees op Hom gekom het na Sy doop, was Hy gesalf met God, was God in Hom, want Hy het gekom om die Woord te vervul.

127 Wanneer jy na hierdie altaar toe kom, kom hiernatoe om God se Woord te vervul op jou uitnodiging van "wie ook al wil, laat hom kom."

128 Moenie kom teken: "Wel, ek, Here, as U my sal genees van hierdie maagpyn, dan glo ek, ek sal dien," nie. Moenie so kom nie. Kom, sê vir Hom jy's 'n skelm, jy's nikswerd, jy wil gevul word met die Heilige Gees, en jy is glad nie goed nie. Jy verdien niks, verdien om te sterf, en hel toe te gaan, maar omdat Hy jou uitgenooi het om te kom: "Ek kom, Here! Niks in my arms bring ek nie, ek klou net aan U kruis." Daar het julle dit. Dan gaan Hy dit eer. Daar's 'n bad water reg hier in die onderste verdieping. Kyk of Hy nie sorg vir Sy Woord nie, Hy doen dit altyd, wanneer Dit deur Sy verekeningshuis gaan, maar Dit moet deur die verekeningshuis kom.

129 Wanneer 'n man sê hy glo Jesus, Hom aanvaar as sy persoonlike Verlosser, gee God vir Hom 'n tjekboek, enigiets wat hy wil vra, en onderaan, as hy net Jesus' Naam daarop sal teken, maar moenie soontoe gaan met enige ander een nie, want dit sal nie werk nie. Sien? Jy moet deur die ware Pinkster verekeningshuis gaan. En wanneer dit gebeur, dan sal jou tjek herken word, en God se beloftes, betaal Hy altyd uit. Elkeen van Sy Messiasies kry hulle merk terug.

130 Ons lewe in die laaste dae, by die sluitingstydperk, die Laodicése Tydperk, een van die donkerste eeue wat ooit was sedert die Donker Eeue, 'n skynheiliger tydperk net nou as wat daar toe was, hulle het glad nie enige Lig gehad nie. Skemer is 'n misleidende uur, enigiemand weet as jy reis, beter jy 'n bietjie stadiger ry wanneer skemer kom. Is dit reg? Ons moet 'n boodskapper hê in hierdie skemer. Het julle dit geweet? God het dit belowe in die Laodicése Tydperk.

131 Ek het in die Skrifte gelees nou die dag bo in die berg. Ek het daar gelees, en ek. . .die Heilige Gees het vir my gesê, gaan op na 'n sekere boom en staan daar, Hy wou met my praat. Ek het daar gestaan vir 'n halfuur, Hy het nooit niks gesê nie. Ek het gaan lê onder hierdie akkerboom, en myself uitgestrek, ek het gesê: "Here, U het met my gepraat omtrent 'n myl hierbo, en gesê kom op hier op die berg hier in hierdie Sportman se Leegte, soos ek dit genoem het, U sal met my praat."

132 Toe het Hy my gewys, toe Hy Maleági oopgemaak het, die 4de hoofstuk. En ek het gesê. . . "Kyk die dag kom, wat brand soos 'n oond, die hoogmoediges verbrand," as julle dit wil neerskryf, Maleági 4: en Hy het gesê: "dit sal die hoogmoediges verbrand. En die—en die regverdiges sal uitstap op die as van die goddelose." Wel, toe, en Hy het gesê: "Kyk, Ek stuur vir julle Elía die profeet voor die groot en verskriklike dag van die Here sal kom. Dit sal. . . En hy sal die harte van die vaders draai na die kinders, en die kinders van die—die vaders, of, die kinders se harte na die vaders."

Wel, het ek gesê: "Dit was reg, ek glo dit."

133 Jesus het gesê toe die dissipels Hom dit gevra het, het hulle gesê: "Wel, waarom het die," toe Hy aanspraak gemaak het om die Messias te wees, gesê: "Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elía eers moet kom?"

134 Jesus het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het hom nie geken nie." En toe het hulle verstaan dat Hy van Johannes die Doper gepraat het. Hoeveel het dit ooit gehoor? Wel, goeiste, julle lees almal die Bybel. Johannes die Doper, maar onthou, dit was nie die Elía waarvan Hy gepraat het, van die laaste dae nie, want die wêreld het nooit gebrand en die Millennium begin nie.

135 Hou die Skrif dop, hou dop hoe dit lui, blaai net 'n oomblik na Maleági 4, kyk daar. Ek het dit nooit tevore geweet nie. Ek probeer nooit enigiets spreek totdat die Heilige Gees eers kom, om dit te openbaar nie. Kyk, Maleági 4:5:

> *Kyk, Ek stuur* vir *julle die profeet Elía voor die koms van die groot. . . dag van die* Here*:* (Daardie groot, verskriklike dag wat Hy die aarde sal verbrand.)
>
> *En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot* die *vaders, . . .*

136 Kyk, die eerste keer wat Elía gekom het, het hy die harte van die vaders verander, die ou, aartsvaders, sien, destyds daar, die ou Jode, na die geloof van die kinders wat Hom pas ontvang het, en geglo het van die komende Messias. "Het die harte van die vaders tot die kinders gedraai, en," 'n voegwoord, wat die sin koppel, "wanneer Hy die tweede keer kom, die harte van die kinders terug na die Pinkstervaders." Halleluja! Daar het julle dit.

137 So hoe kan die Aandlig enigiets anders wees as weer terug na Handelinge? Reg. Toe Hy gesê het voor daardie dag kom, wat die aarde sal verbrand soos 'n oond en die regverdiges sal uitstap op hulle as. O, broer, ons soek na 'n Lig wat sal kom, Dis hier.

138 En onthou, wanneer hierdie Elía kom, sal ek vir julle 'n bietjie van sy beskrywing gee, wanneer Elía kom, dis die boodskapper na die Laodicése Kerktydperk. Ons vind Elía kom voor. . . Onthou, Elía was die een wat op 'n strydwa opgegaan

het, nooit die dood gesmaak het nie, en die Boodskap van hierdie groot boodskapper wat in hierdie afsluitingsdag in die Laodicése Kerktydperk sal kom, die Pinkstertydperk, sal die Een wees wat die Kerk na die Wegraping sal neem. Presies. Hy is self weggeraap, en hy sal saam met die Kerk kom na die Wegraping.

139 En onthou weer, ek sal vir julle 'n paar van die beskrywings van hierdie man gee, hy sal 'n vrouehater wees. Hy sal beslis, kyk na, kyk wat hy op Elía was: Isébel; kyk na Johannes: Heródias. Sien? Nog 'n ding, hy sal sterk teen denominasies wees, kyk na Elía, kyk na Johannes, "Moenie dink om by julleself te sê: 'Ons het Abraham as ons vader' nie, God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Hy sal denominasies haat, hy sal onsedelike vroue haat, hy sal 'n man in die wildernis wees, wat in die wildernis woon, wat uitkom met sy Boodskap, en hy sal die harte van die mense bring.

140 O, daar het 'n honderd Elías opgekom in die laaste dae. Alexander Dowie, en soveel in die wêreld vandag wat sê hulle is Elía, hulle is Elía van die dag. Elía sal teruggaan na die oorspronklike Pinkster Efése Kerk, en daardie selfde Boodskap aan die mense bring met tekens van die Messias, die Bybel het so gesê: Hy het gesê: "Daar sal 'n dag kom wat nie 'n dag sal wees nie, maar in die aandtyd sal dit Lig wees." Is dit reg?

141 Nou kyk, die son kom op in die ooste. Nou, hierdie het... Julle sê: "Dit was 'n dag wat die...Ons is kinders van die Evangelie dag." Hierdie was 'n dag van duisternis vir die kinders. Die Môrester kondig dan net die koms aan, reg teenoorgestelde van wat dit letterlik is, want die Môrester wat destyds opgekom het, daar is die Môrester wat die koms van die son begroet, en een wat die ondergang van die son begroet. Die natuurlike son het weggegaan toe daardie Ster syne begroet het, en die Evangelie het net ingekom. Ons is kinders van die Lig, maar ons is...die wêreld is nou in duisternis.

142 Die Kerk was deur die donkerste eeu, dit het deur die Donker Eeue gegaan, maar die Aandster, die Aandster is die een wat die Lig aankondig. Die Aandster is die een wat die Lig aan die Kerk aankondig. Die Kerk het net in die minderheid gelewe, net baie min, net 'n klein groepie. Maar, uiteindelik, sal die dag, sal die basuin van God blaas, en die dag sal vir Ewig breek. Die dagbreek kom, en hierdie groot een Gees van God wat op iemand sal kom in hierdie laaste dae, wat hierdie Boodskap sal aankondig, sal die harte van die kinders terugbring na die Pinkstervaders.

143 En hoe is die Boek van Handelinge geskryf? Begin dit lees. Kyk hoe ons dit besmet het met allerhande dwase dinge van ons eie, maar daar sal iemand kom eendag, 'n Lig, voor die uitgaan, hierdie oop deur wat voor die Kerk geplaas is, kyk en sien of Dit nie een van hierdie dae kom nie. God sal die Elía stuur, net so

seker as wat ek in hierdie preekstoel staan, sal Hy hom stuur, en daardie Elía sal die mense reguit terugskud na die oorspronklike Pinkster Doktrine.

144 Nou, begin by Pinkster, en kyk hoe dit was, kyk wat hulle gedoen het, kyk of dit handskud sal wees, en dit sal net reguit terug wees. En toe Petrus daar bo gepreek het op die Dag van Pinkster, toe hulle almal gevul was met die Heilige Gees en in ander tale gepraat het, het hierdie manne gesê: "Nou, wat kan ons doen om Dit te kry?"

145 Petrus het gesê: "Bekeer, elkeen van julle en word gedoop in die naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe ontvang, die Heilige Gees. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Dit was die oorspronklike Pinksterlig.

146 Nou, dis die Môrester, en die Aandster moet dieselfde Lig weer weerkaats. Hy sal uitroep met 'n stem in die wildernis van die naderende Messias, hy sal ook die tekens van die komende Messias wys—wys. Hy sal 'n profeet van God wees, 'n groot man. En wanneer hy kom, kyk wat hy sal doen, die Bybel sê dat hy dit sal doen.

147 Ook voor die dag kom, moet daar 'n tyd in die Kerk inkom om te vervul wat Jesus gesê het, "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Die Sodom, die wêreld is in die Sodom toestand, ons weet dit almal. Is dit reg, kerk? Die wêreld is in 'n Sodom toestand.

148 Nou kyk, watter soort boodskap het Sodom ontvang? Hulle het 'n moderne Billy Graham gehad wat afgegaan het en vir die intellektueles gepreek het. Net 'n paartjies is uitgetrek, en hulle was in skande, en het skande gebring, en die vrou het in 'n soutpilaar verander, teruggekyk, nou let dit op.

149 Een Engel het buite by Abraham gestaan, die Engel wat by Abraham gebly het, sonder om te weet wie hy was, skynbaar, nadat Hy gesê het: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent agter u."

150 Die Bybel het gesê dit was in die. . .sy was in die tent agter die Engel. En Hy het gesê: "Ek gaan julle besoek volgens die tyd van die lewe. Ek het jou daardie babatjie belowe, Ek gaan toesien dat jy dit kry."

En Sara het by haarself gelag. En toe sy het, het die Engel van die Here gesê: "Waarom het Sara gelag?"

151 Nou, Hy het gesê dit sou plaasvind *voor* die koms van die Here, "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Here." Sien julle, vriende? Dit gaan dieselfde soort Lig weerkaats wat die Môrester weerkaats het. En hy gaan wat

doen? Die kinders terugroep na die geloof van die vaders, die Pinkstervaders.

152 Paulus, Silas, Johannes, Markus, Irenaeus, Sint Martin, Columba, al daardie, daardie groot martelare wat hierdie Evangelie gepreek en daaraan vasgehou het, direk daarby gebly het en uitgestoot is, toe die groot, klassieke klomp 'n organisasie wou begin hê het. Julle let op in die Bybel daar het Dit gesê: "Die dade van die Nikolaïete." Wat dan die dade in een kerkeeu was, het 'n doktrine geword. Weet julle wat *nikao* beteken? Ek het dit opgesoek, *nikao* beteken "oorwin, onderwerp." Wat onderwerp? Die lekedom.

153 Wanneer al die heiligheid in een of ander man ingaan, net een of ander man alleen, is hy die enigste een wat heilig is, en hy's die een, die kerk kan lewe op enige manier wat hulle wil, belydenisse aan hom maak. Huh!

154 Die Heilige Gees is vir wie ook al wil, lekedom en almal. Is nie God se wil om net 'n heilige man te wees nie, dis die Heilige Gees onder mense wat wedergebore is, wat tekens en wonders wys, daardie selfde Kerk. Daardie Aandster sal dieselfde Lig weerkaats wat die Môrester het.

155 Maar kyk, wanneer dit gekom het, sal daar 'n tyd wees, Hy het gesê: "Daar sal nie óf nag óf dag wees nie," jy kan dit skaars onderskei, 'n somber dag, soos ons gehad het, reënerig in ons land, somber, "maar in die aand sal dit Lig word." Die Aandlig sal kom.

156 Wel, die aandlig, die son in die aand is dieselfde son wat in die oggend opkom. Die aandlig moet dieselfde lig weerkaats wat die son weerkaats het in die oggend, dis net die ondergang van die son en die opkoms van die son. Sien julle dit? Nou, ons is in die aandtyd. O, dank God vir die Aandlig, hmm, hmm, wat Sy belofte weerkaats, dit vervul!

157 Nou, die wêreld is in 'n Sodom toestand. O, Sy arendjies! Ek het hier gekom, waar ek eenkeer oor daardie gepreek het, die Môreligte, die Môrester, dieselfde Boodskap. Dis nou al aand vir 'n lang tyd, dis 'n somber tyd, so 'n gevaarlike tyd. Onthou, skemer is die gevaarlikste tyd van almal, om te reis, jy moet dophou, en hierdie is die gevaarlikste dag waarin julle ooit gelewe het. Die Bybel het gesê in Matthéüs 24 dat: "Dit sou gebeur in die laaste dae dat dit die einste uitverkorenes sou mislei, indien moontlik."

158 Ek het Billy Graham nou die dag in 'n boodskap hoor sê, hy het gesê: "Die Uitverkorenes is alreeds mislei."

159 Nee, nee, die Uitverkorenes gaan nie mislei word nie. Nee, nee, hulle sal nie wees nie, nee. Kerklidmate sal, maar nie die Uitverkorenes nie, Hulle is gekies vanaf die grondlegging van die wêreld, Hulle kan nie mislei word nie, dis onmoontlik, het Hebreërs 6 gesê, Hulle sal nie mislei word nie.

160 Maar dis ’n gevaarlike tyd, en, vir—vir die—die kerk in hierdie aandtyd, want daar, kyk, jy kan . . . hulle sal kerk toe gaan, en amper net presies soos Pinkstergelowiges wees, jy sal . . . hulle sal skree, dans, praat in tale, en al die res, so naby dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei indien moontlik. Maar onthou, die enigste manier waar jy weet dat jy reg is, is om die Geleier te volg, die Woord, Dit bring die absolute waarheid voort, julle sien. Bly by die Geleier, wees net gevul Daarmee. Ja, meneer.

161 Nou, ons vind uit dat hierdie Laodicése kerk, die kerktydperk waarin ons nou is, as julle dit wil lees, Openbaringe die 3de hoofstuk, ons sien watter soort . . . wat gedoen is, wat plaasgevind het wanneer hierdie Boodskap veronderstel is om uit te gaan. Die kerk was so wêrelds, en het ditself georganiseer, totdat hulle sy einste God reg daaruit georganiseer het.

162 Die mees patetiese Skrif wat ek ooit gesien het, is Hebreërs, uh, is Openbaring die 3de hoofstuk, toe, by die Laodicése Kerktydperk, Jesus aan die buitekant van Sy Eie kerk gestaan het, besig om te klop, om te probeer om weer in te kom. By die eerste kerk het Hy gewandel tussen die sewe goue kandelare, die kerktydperke, maar in die Laodicése was Hy aan die buitekant, besig om te probeer terugkom in Sy Eie kerk. Dit wys wat hierdie tydperk aan Hom gedoen het.

163 Hulle het Hom uitgeorganiseer, hulle het Sy Doktrine uitgeorganiseer, hulle het Sy Bybel uitgeorganiseer, hulle het ’n boek van geloofsbelydenisse van filosofieë, ensovoorts, wat hulle lees en dit in plaas daarvan aanvaar, koue belydenisse, in plaas van om God te laat inkom en ’n Messiasie van hulle te maak. Hulle die doop van die Heilige Gees gee en tekens en wonders wys, hulle het dit alles georganiseer, Hom opsy gestoot.

164 Nou, is Hy aan die buitekant, maak Sy laaste pleidooi, probeer weer inkom by die deur, “Kyk, Ek staan by die deur, en klop,” die Laodicése Kerktydperk: probeer terugkom in Sy Eie kerk waaruit hulle Hom gedruk het. Is dit nie jammerlik nie? Dis die mees patetiese ding waaraan ek kan dink, van Hom in Sy Eie kerk, wat Sy lewe vir daardie kerk gee, en gedoen het wat Hy het, en die Lig na die kerk toe gestuur, en gesê Hy het, en hulle het Dit verwerp, en Hom buitekant uitgestoot, een of ander soort geloofsbelydenis aanvaar het, of iets wat die kerk opgemaak het. En daar is Hy, wat aan die buitekant staan en probeer inkom.

165 Nou, laat ek net ter afsluiting dit sê, want dit word te laat, ek het nog omtrent twintig Skrifte hier neergeskryf, maar ek sal nie by hulle uitkom nie, laat ek dit sê: Het julle opgelet? Aan die buitekant van die kerk (Luister julle? Sê: “Amen.”), aan die buitekant van die kerk, wat probeer inkom, onthou, diegene binne-in die denominasie het Hom nooit gesien nie. Dis diegene aan die buitekant wat Hom gesien het. Hulle het ’n klop gehoor, maar hulle het dit nie gesien nie.

166 Dis hoe dit vandag is, 'n man wat nie kan nie, wat vandag sal rondgaan en sê: "Wel, ek het nooit iets daarvan gesien nie. Ek het soontoe gegaan, ek het dit nooit gesien nie." Sien, hy kan dit nie sien nie, hy's so totaal georganiseer dat hy niks kan sien nie. Maar as jy net ooit vry genoeg kan kom om buite te kom om te kyk Wie daarbuite staan en klop, om te sien Wie dit is wat hierdie dinge doen! Sien julle wat ek bedoel? Kom uit, buitentoe.

167 Moenie so georganiseerd wees nie, want wanneer jy dit doen, kan jy niks sien nie, enigste ding wat jy kan sien, is jou denominasie. Maar as jy aan die buitekant kan kom, sal jy Jesus in al Sy glorie en Sy genade sien, wat probeer om in Sy mense in te kom. O, ek kyk na Hom wat daar staan!

168 Ek het gepraat van Messias, die Messias, Messiasies, hulle is die Lig van die kerk vandag, die Lig van die wêreld. Jesus het vir die dissipels gesê: "Julle is die Lig van die wêreld." Nou, jy's 'n kers wat op 'n heuwel staan, wat, 'n Lig wat van oral af gesien kan word. Ons is die Lig. As ons is, weerkaats ons Sy Messias Lig. Die Messiasteken volg die—die Messiasies net soos dit die Messias gevolg het.

169 Hier 'n tyd gelede, julle pragtige kerk hier, glo ek het ek gepreek oor die onderwerp hier *Soos Die Arend Haar Nes Opwek, Fladder Oor Haar Kleintjies*. Ek glo ek het daaroor gepreek hier onder, Broer Jack, of iewers. [Broer Jack sê: "Twaalf jaar gelede."—Red.] Ja. *Arend Wat Haar Nes Opwek*.

170 Ek hou daarvan om die groot arend dop te hou. Weet julle wat? Vader. . .weet, God het Homself 'n Arend genoem. Het julle dit geweet? Hy het Sy profete arende genoem. Sekerlik, Hy het. Hy het vir sy. . .dat. . .Hierdie arend, Jakob, Hy het hom hierin bevind, in 'n huilende wildernis, en soos die arend sy nes opgewek het. . .Nou, ons vind uit Hy noem Homself ook *Arend*, so Hy's Jehova-Arend. En dan het Hy 'n klomp arendjies, *arendjies*, soos Messiasies, arendjies.

171 Nou, ek kan die groot pa-arend sien soos hy rondloop oor die nes. Hy hou daarvan om na sy kinders te kyk. O, goeiste, hoe hou hy daarvan om na hulle te kyk! Hoe lyk hulle? Lyk net soos hy lyk. Hulle is nie gebaster nie, hulle is nie half aasvoël, en half kraai, en iets anders nie, hulle is arende. Amen.

172 Dis wat ons vandag is, ons is Metodiste, Baptiste, en Gemeentes, en *So-en-so*, en *So-en-so*, aasvoëls, kraaie, en al die res, hoe kan ons arende wees? Hoe kan ons, wanneer ons die teken van God onder ons sien beweeg, en dit iets anders noem? Halleluja!

173 Hy hou daarvan, omdat hy weet dat hulle volbloed is. Hulle is, het sy vlees, hulle het sy bloed, hulle het sy gees. Amen. Hoe trots kyk hy oor sy arendjies, wat rondloop! Amen.

174 Die klein arendjies kyk na hom, en sê: "Hoe groot is u, hoe groot is u!" Kyk na myself, o, goeiste! "Gaan een van die dae

vlieg, gaan ons nie, Pappa?" Sien? O, hoe hy daarvan hou om na hulle te kyk! Hulle lyk soos hy, hulle maak soos hy, hulle is sy vlees, sy bloed, sy gees. Amen.

175 Dis hoe God se Kerk is, Sy Arende, Sy Messiasies, hulle lyk soos Hy, hulle tree op soos Hy, hulle preek soos Hy, hulle doen die werke wat Hy gedoen het. "Die dinge wat Ek doen, sal hy ook; meer as dit sal hy doen, want Ek gaan na die Vader." Amen. "Hierdie tekens *sal* My arendjies volg." Amen. "Hulle sal maak net soos Ek maak. As My Gees in hulle is, dan sal hulle die werke doen wat Ek doen, as hulle nie die werke doen wat Ek doen nie, is dit omdat My Gees nie in hulle is nie."

176 Wat as hy afgekyk het, een van daardie klein arendjies, en die eerste ding wat jy weet hy 'n snawel soos 'n aasvoël gehad het? Hy sou sê: "Nou, wag 'n bietjie hier, daar's iets verkeerd!"

177 'n Ou kraai het op die nes gespring, begin sê: "*Krys*, *krys*, *krys!* Die dae van wonderwerke is verby. *Krys*, *krys*, *krys!* Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie."

Ha! Ek wed Hy sou net sy groot poot neem en hom reguit afgooi, en hy sou sy nek breek, julle sien, so seker soos die wêreld. Sien? Ja.

"O, daar's geen . . . Dis verstandstelepatie, daar's glad nie so-iets soos daardie dinge in hierdie dae nie."

Jou aasvoël van die vlees! En dis dooie vlees, ook. Dis wat die . . .

178 God wil arendjies hê, Hy wil Messiasies hê, Hy wil mans en vroue hê wat tekens en wonders het, gesalfdes, Hy wil 'n Kerk hê wat gevul is met die Heilige Gees. *Shooo!* Goeiste! 'n Kerk wat Hom dieselfde weerkaats gister, vandag, en tot in ewigheid! God het nie gesterf nie, Hy het net 'n Koninkryk gebore, het Sy Messiasies Daarin. Amen. Elke Woord wat Hy sê, sê hulle: "Amen," daarop. Dis reg. Ja, meneer. Hulle lyk soos Hy, maak soos Hy, hulle glo dit, het die Geleier wat reguit aanbeweeg met tekens en wonders wat gevolg het; dis Messias. Messias lewe vanaand, Hy is nie dood nie, Hy lewe vir ewig. Glo julle dit? Wat het Hy gesê sou dit wees?

Dit sal Lig wees in die aandtyd,
Die pad na die Heerlikheid sal jy sekerlik vind;
  (Dit reg?)
In daardie waterweg, is die Lig vandag,
Begrawe in die kosbaar' Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer jul van al jul sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Die Aandligte het gekom.
Dit is 'n feit dat God en Christus Een is.

179 Die mens is gemaak om 'n god te wees, God is gemaak om mens te wees. O, Messias! Die groot Jehova het in 'n menslike

liggaam gewoon, Hy het daardie liggaam soos Syne gemaak sodat Hy 'n menslike liggaam kon wees, 'n Messiasie, om Sy aarde te regeer en dit te beheer. Amen. "Die werke wat Ek doen, sal hulle ook doen." O, ek hou daarvan!

180 Jehova loop heen-en-weer oor Sy troon, sê: "Hulle is My arende. Hulle is—hulle is vlees van My vlees, en been van My been, hulle is gebore uit My Gees, en gewas in My Bloed." Amen. "Hulle is Myne, hulle is Myne. Enigiets wat Ek vir hulle sê, dit glo hulle. Hoekom? Hulle is arende. Dis wat hulle is, hulle is arende, net soos Ek 'n arend is. Hulle is—hulle is klein godjies, waar Ek groot God is. Dis reg. Ek is Jehova-Pappa, hulle is My kinders." Daar het julle dit. So Hy het belowe dat hierdie dinge sou plaasvind.

181 Nou, as ons kinders van Sy Koninkryk is, behoort daardie tekens hulself bekend te maak onder ons. Is dit reg? Nou, ons kan daarvan praat, en daarvan praat, en heelnag daarop bly, maar sal dit werk? Dis die volgende ding, dis die volgende ding. As dit werk, dan is dit waar. God se Woord belowe in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook." Is dit reg? Ek glo dit, en julle? Goed, laat ons dan ons hoofde net 'n oomblik buig.

182 Vader God, die tydsuur het gekom. Ons besef dat daar geen manier is vir ons om—om enigiets te vind, geen plek om nou heen te gaan, behalwe net na Jesus toe nie. Ons is—ons is by die eindtyd, ons sien al hierdie dinge plaasvind: ons sien ons volk net by bankrotskap, ons sien ons—ons wêreld by bankrotskap, ons sien kommunisme wat intrek, 'n goddelose gees, naamlik die *ystergordyn*, ons sien een wat oorkant in China opstaan wat die *bamboesgordyn* genoem word, dan sien ons een opstaan wat die *purper gordyn* genoem word, die Roomse gordyn, wat die wêreld oorneem.

183 Nou, Vader God, ons bid dat U ons dit sal laat onthou, dat hierdie dinge U beloftes is, U het ons hierdie dinge belowe in die aandtyd. Ons is so bly om te sien dat U U Woord vervul in ons lewens. Ons bid, Vader, dat U 'n honger en dors sal veroorsaak. Nou, hierdie paar woorde wat verkort en uitgegee is, ek bid dat U hulle bekend sal maak aan die mense se harte, dat hulle sal besef dat God 'n krag is, Hy 'n *krag* is.

184 Christus was die Volheid van God, Hy was die gesalfde Jehova, Hy was Jehova-gesalfde liggaam, Jesus van Násaret. God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen, en Hy het gesterf dat Hy hierdie gevalle menslike ras kon heilig, en hulle weer terugbring na seuns van God, om gesalfdes te wees, gesalf met die Heilige Gees om uit te gaan om Sy Koninkryk te weerspieël totdat Hy teruggekeer het al die pad deur die sewe kerktydperke. En in die laaste eeu, vind ons Hom aan die buitekant van Sy Eie kerk, wat probeer om weer in te kom.

185 Maar Hy het belowe dat Hy 'n Lig sou stuur in daardie dag, en ons het Dit gevind, Here. Ons het dit gevind, en sien dat Dit 'n korrekte Geleier is, want ons het die Woord, wat ons glo, verbind met die God van die Hemel Wat dit belowe het, en vind uit dat die stroom wat die eerste tekens gedoen het weer reguit terugkom en dieselfde Messiaanse tekens doen. Dan, Vader, weet ons dat die Woord, wat ons die Geleier noem, reg is, want Dit bring elke belofte voort. Ons dank U Daarvoor, Vader.

186 Ons bid dat U die—die ongereddes sal red, die siekes sal genees, vul hulle, wat Dit begeer, met die Heilige Gees, en bemoedig U Kerk. Terwyl ons verder op U wag, Here, in die genesingsdiens, vertrou ons hierdie mense en almal toe aan U, in Jesus' Naam. Amen.

187 Wat is dit nou? Ek hou die horlosie dop, en ek wil julle nie te lank hou nie, ons moet vroeg in die oggend begin, ook. Wat het Hy belowe? Hy het belowe dat daar in die aand Lig sou wees. Hy het belowe. . . Kan julle sien wat ek bedoel wanneer ek *Messiasies* sê? Steek julle hand op as julle kan. As *Messias* "gesalfde" beteken, en Hy was die Messias omdat Hy gesalf was met die Volheid van God, dan is ons ook gesalf, met dieselfde Gees.

Nou, jy sê: "As. . . Hoe weet jy jy's gesalf met dieselfde Gees?"

188 Wel, dieselfde Lewe, dieselfde dinge wat Hy gedoen het: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy, ook." Wat het Hy gesê in Johannes 5:19? "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks doen behalwe wat Hy die Vader sien doen nie, dit doen die Seun ook net so." Enige korrekte Messiasie sou dieselfde Boodskap hê. Is dit reg?

189 En onthou, wie was dit wat eerste die doop ontvang het, die Heilige Gees doop? Jode. Wie volgende? Samaritane. Laaste was die Heidene. Is dit reg? Omdat hulle ingebring is na die dood, begrafnis, en opstanding. En hulle het nie. . . Nou, hulle het wel die Boodskap ontvang.

190 Nou let op, Gam, Sem, en Jafet se mense, nou, Gam se mense en Jafet se mense moes die. . . Dis die stamme van die aarde, die drie stamme van die aarde. Nou, ons sien dat die Jode die Messiasteken deur Jesus ontvang het, die Samaritane dit deur Jesus ontvang het. Maar nou, die laaste dae. . .

191 Nou, die Heidene het nie, omdat hulle nie na enige Messias gesoek het nie. Ons was heidene in daardie dae, ons mense, die Anglo-Sakse, ons was heidene, afgode aanbid. Moabiete, en wat ook al, Amoriete ensovoorts, dit—dit was ons mense.

192 Nou, maar nou vir tweeduisend jaar het ons gesoek na 'n Messias. Nou, hoe het Hy Homself bekend gemaak destyds daar? Deur Jesus te stuur en Hom te salf met Sy Eie Gees, en Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Dit reg? "As Ek die werke doen, glo dan die werke."

193 Nou, want hoekom? Hy was nie verbonde aan hulle organisasies, hulle denominasies nie, Hy het uitgestaan van hulle almal, hulle uitgeskel, en hulle sê Hy het kerke geskeur, en alles. Kan julle verwag dat Sy Gees enigiets minder sal doen wanneer Hy weer kom? Dit sal dieselfde ding doen, want Dit kan nie verander nie, Dis God.

194 Ons kan verander, ons menslike self kan verander, maar God kan nie verander nie, Hy moet dieselfde wees. Hy's oneindig, ons is eindig, so Hy kan nie verander nie. So wanneer Hy op Sy Kerk kom in die laaste dae, wat sal Dit wees? 'n Uitgetrekte, 'n groep mense gesalf met die Gees van God, hulle sal Messiasies wees, sien, hulle sal gesalfdes wees. En as Sy Gees in hulle is, sal hulle die dinge doen wat Hy gedoen het, net presies. Is dit nie—is dit nie reg nie?

195 Dan as jy sê . . . As jy dit kan neem, en die Woord verbind met die dinamo, dan as die din- . . . en dan as die stroom terugkom en sê dis reg, het jy 'n verbinding; as jy dit daarbo sit en niks gebeur nie, het jy 'n isolator iewers, 'n gebroke lyn iewers. Sien? Maar sit dit teen die dinamo, as die stroom deurkom, dan het jy 'n reguit geleier, het jy 'n geleier.

196 En as julle wil glo dis so, ek sal julle vertel hoe ek dit ontvang het, ek het gekom presies soos die Bybel gesê het. Ek het nooit afgewyk vir enige denominasie nie, my eie Baptiste kerk het my uitgesit omdat ek nie 'n vroueprediker wou ordineer nie. Dis nie Skriftuurlik nie, en dis nie reg nie, en ek het gesê: "Jy kan my net sowel uitsit, want jy sal vroeër of later moet, so ek sal net uitstap voor jy dit doen." Goed.

197 Toe ek . . . En dan wanneer dit kom by baie van hierdie goed vandag, ek, toe ek net 'n seun was, voor ek ooit gehoor het van Eenheid, Tweeheid, drie Gode, vier Gode, of wat hulle ook al het, het ek geglo daar was een God, en het ek geglo dat Sy Naam Jesus was. En ek is gedoop in die Naam van Jesus Christus deur 'n Sending Baptiste prediker, want ek het hom gevra om dit te doen. Ek het dit sedertdien gepreek.

198 Daar's geen Skrif in die Bybel nie, bring jy vir my een Skrif waar enigiemand ooit in enige ander gedoop is, wys my een plek in die Bybel waar enigiemand ooit gedoop is deur die *titels* van Vader, Seun, Heilige Gees te gebruik. Of lees die geskiedenis en vertel my, totdat die Katolieke kerk georganiseer is, enigiemand ooit gedoop is in die naam van Vader, Seun, Heilige Gees, dan sal ek uit die preekstoel uitstap.

199 Dis 'n Katolieke geloofsbelydenis, en elke man of vrou wat so gedoop word, is nie gedoop in die Kerk van die lewende God nie, hulle word gedoop in die Katolieke kerk, dis hulle geloofsbelydenis. Wys my in die Skrifte, wys my deur die geskiedenis, enigiets buite die Katolieke kerk wat dit ooit gedoen het.

200 En Luther het dit uitgebring, en Wesley na hom, hier kom ons af hierin. Elkeen van daardie kerke, tot op daardie tyd, het gesê: "Julle het nie My Naam verloën nie," maar toe dit uitgekom het oor daardie Thiatire Kerktydperk, het Hy gesê: "Jy het 'n naam, jy het *'n* naam dat jy lewendig is, maar jy's dood." Dis reg.

201 Ek bedoel nie dat die waterdoop in Jesus' Naam jou red nie, maar dis korrekte Christendoop, jy word gered deur geloof, dis reg, deur Christus. Dis reg. Maar dis korrekte doop, dis hoe jy gedoop *sal* word, dis presies, hoe jy *moet* word, om in Bybelorde te bly, moet jy so gedoop word.

202 En dan wanneer jy die Heilige Gees ontvang het, en die krag van God op jou kom, dan sal jy dieselfde dinge doen wat Jesus gedoen het, want dis Sy Gees in jou. As daar nie is nie, is daar iets verkeerd. Dis reg. O, glorie! Voel asof ek nou amper in tale kon praat, self.

203 Julle weet, die eerste keer wat ek ooit in tale gepraat het, was ek in 'n Baptiste kerk, besig om te preek. Ek het op 'n platvorm gestaan en gepreek net so hard as wat ek kon, en reg in die middel van die paadjie ingespring, en ek het 'n paar woorde in onbekende tale gesê, sonder om te weet wat ek gesê het, rondgekyk, en die hele gemeente het hulle nekke gestrek en rondgekyk. En nou, het *Iets* teruggesê deur my: "Ek's die—die wilder-. . .'n Rots in 'n dorre land, 'n Skuiling in die stormtyd." En die eerste keer wat ek ooit in tale gepraat het.

204 En, goeiste, ek het geweet daar was iets werkliks daaraan iewers, ek het nie geweet nie, maar ek het aangehou totdat ek dit gevind het, net bly voortgaan, alles verkoop, alles, en daardie groot Pêrel gekoop. Goeiste, ek gee nie om, as die Bybel sê, glo ek—ek Dit, ek gee nie om hoeveel organisasies, hoeveel *dit*, *dat*, of die *ander* sê nie, Dis God se Woord, en Dis die waarheid, en ek bly reg Daarby, dis al. En die enigste manier wat jy dit ooit gaan doen, is om Woord vir Woord by die Bybel te bly.

205 Ek het nou die aand gepreek oor daardie vier lewende wesens, probeer om. . .En hulle was, hulle was nie diere nie, want die woorde in, hulle is lewende wesens, in Hebreërs, uh, in Openbaring, 4de hoofstuk, is die—die woord wat vertaal word *zoon*, z-o-o-n, wat "lewende wesens" beteken. In Openbaring 11 en Openbaring 17 is dit heeltemal 'n ander naam, en dit beteken 'n—dit beteken 'n "wilde ongetemde dier," maar hierdie was lewende wesens.

206 Wat hulle was, hulle was Gérubs, soos by die poort, wat die heilige plek bewaak het. Ons sien hulle in Eségiël die 1ste hoofstuk, toe die amber Lig van God, en die reënboog daar was, en die heerlikheid van God. Wat ons 'n foto Daarvan gekry het, op dieselfde manier wat hulle Dit daar gesien het, is daar vir ons 'n foto Daarvan geneem. En daar was Dit, reg in die gebou, 'n foto geneem van die Lig, reg, net presies soos Eségiël Dit gesien

het, Eségiël 1:26 tot 28, wys julle die foto Daarvan net soos hy gesien het, die heerlikheid van God.

207 Nou, julle sien, daardie oog van die kamera kan partymaal die ding sien wat die menslike oog nie kan sien nie. Dis reg. Hulle het Dit gesien toe mense dit nie sien nie. Maar ons het net so verstop geraak, ons ligmeters, waar hulle heilige Ligmeters behoort te wees, is hulle so verstop met dwaasheid, en denominasies, en dinge, ons kan niks verder as ons neus sien nie, of een-. . . soos daardie, ons sien nie daardie dinge daarbuite nie.

208 En die Heilige Gees is hier vandag, Hy's net dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dieselfde Krag, dieselfde tekens, dieselfde wonders, dieselfde God, dieselfde doop, dieselfde Heilige Gees, dieselfde ding, alles is dieselfde, want Hy kan nie verander nie. Amen.

Goed. Nou, ek glo hy het gesê, gebedskaarte A's gegee. Is dit reg? Gebedskaartjie. . . [Leë kol op band—Red.]

209 Glo julle dit daar buite, kerk? Daardie tjek moet reg geëndosseer word, of hulle sal dit teruggee. Duidelik, nie raaiwerk nie, maar regtig weet wat—wat dit is. Nou, vul dit in. En nou, Hy het alreeds. . .

Nou, laat ons 'n siek persoon neem. Iemand steek jou hand op wat siek is. Dis—dis. . . [Leë kol op band—Red.]

210 . . . nooit voet op hierdie aarde sit totdat die Kerk weg is nie. Hoeveel weet dit? "Ons wat, lewe en oorbly, sal die ontslapenes nie hinder of verhinder nie. Die Basuin van God sal blaas, ons sal opstaan, opgeraap word om Hom in die lug te ontmoet." Dis reg. Dan keer Hy terug om Homself bekend te maak aan—aan—aan. . . soos Josef het aan sy broers, die honderd vier-en-veertigduisend, maar die Kerk is weggeraap, en het ingegaan. Onthou, toe Josef homself bekend gemaak het aan sy broers, was sy vrou en almal van hulle in die paleis, geen Heidene daar nie, Hy het hulle almal verdaag.

211 En so is hulle, die kerktydperk verdaag by die 3de hoofstuk, Johannes is opgeraap, wat die Kerk verteenwoordig. En van daar af tot die 19de, is Sy nie, of, verskyn nie weer voor Sy kom, trou met Haar Bruidegom nie. Nou, is dit die ingaan van die Jode vanaf die 4de af verder, die uitkoms van die Jode.

212 Nou, as Christus kom en Homself lewendig vertoon vanaand. . . Nou, as ek reg gesê het, as ek reg gesê het dat Hy Messias was, en die gelowiges, beteken dit Hy's die "Gesalfde," en ons Sy salwing het, sal dieselfde salwing nie elke keer dieselfde ding doen nie? [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . .

213 Ek het julle lief. Broers, dit—dit gaan te laat wees om so met julle te praat by die Oordeel, wanneer julle agtergelaat is, ek wil hê julle moet gereed wees. Ons—ons is. . . Ek weet nie wanneer

Hy kom nie, maar as Hy vanaand kom, wil ek gereed wees, as Hy nie kom voor volgende week nie, wil ek dan gereed wees. So ek wil gereed wees wanneer . . . As ek slaap, sal dit my nie hinder nie, ek sal opstaan, in elk geval, sien. Maar terwyl ek hier is, wil ek hê elke ons van my moet vir Hom tel, en ek—ek wil hê joune moet dit ook doen.

214 Nou, hierdie dame hier, ek ken haar nie. [Leë kol op band—Red.] . . . dieselfde ding doen wat in Sodom gedoen is. Hoeveel glo dit nou met julle hele hart? Goed. Nou, ek glo . . .

215 Nou, onthou, sodat jy nie die menslike deel daarin sal kry nie, werk God net deur die mens. Hoeveel weet dit? Die mens is God se . . . Dis waarom Jesus God was. Dis, God was, het gewerk deur 'n Man (Is dit reg?), wat die wêreld met Homself versoen het. Nou, Hy was Messias, dan word ek en jy Messiasies, of klein Messiasse, want ons is gesalf met dieselfde Gees. [Leë kol op band—Red.]

216 . . . 'n laerskoolopleiding, en ek weet niks nie. Enigste ding wat ek weet, ek's gered, weet net dit. Ek weet Jesus Christus is die Seun van God, Hy's my Verlosser. Ek glo Hom. Ek glo Hy was God gemanifesteer in vlees. Ek glo Hy het gesterf, weer opgestaan, en teruggekom in die vorm van die Heilige Gees om die Kerk te salf. Ek glo elke Woord van daardie Bybel is die waarheid. God, gee my geloof om dit te laat antwoord. [Leë kol op band—Red.]

217 . . . Ek het gesien gebeur vandat ek julle almal verlaat het, net omtrent, miskien twintig, dertig oproepe per dag by verskillende plekke, en daar by die huis. Dit sou 'n paar baie geoie boeke maak, dit sou beslis. Maar ons sê niks daarvan nie, net nou en dan vir die Kerk. Ons saai dit nie uit nie, Jesus het gesê: "Sê vir niemand nie." Sien? Hierdie is vir die Kerk, dis vir die gelowiges. Sien?

218 Nou jy, as jy 'n gelowige is, nou kyk jy of die Heilige Gees sal beweeg. En as Dit sal, hoeveel van julle sal glo met julle hele hart? As Dit dieselfde ding sal doen wat Dit gedoen het toe Dit was op 'n Man genaamd Jesus van Násaret, sal julle glo dat—dat Messiasies die waarheid is? [Leë kol op band—Red.]

219 . . . broer, maar Dis Sy Gees, Ek's 'n sondaar, maar Dis Sy Gees wat deur iets moet werk, Hy moet iemand hê om deur te werk. Sien?

220 Elía was 'n man met soortgelyke hartstogte as wat ons het. Is dit reg? Hy het sy wel en weë gehad, sy humeur het opgevlam, en sy verontwaardiging, hy was net soos ek was, of julle is. Maar hy het ernstig gebid, hy was 'n profeet, hy het ernstig gebid en die hemele gesluit, reguit opgeloop, en gesê: "Reën of dou sal nie val totdat ek daarvoor vra nie." Hy het 'n antwoord gehad. Dis waarom ek hier staan vanaand voor hierdie vrou. God het belowe, en ek glo God. [Leë kol op band—Red.]

221 . . . gesien in die visioen. Hoeveel het my dit hoor vertel voor ek selfs na Finland gegaan het? Kyk hier na die hande.

Broer Jack het net daar gestaan toe dit gebeur het. 'n Klein seuntjie net presies doodgemaak, was dit nie? Net presies soos ons neergeskryf het in die voorblad van ons Bybel, daar het hy weer lewendig geword, die gees het uitgegaan, na die land van die dooies, God het dit teruggeroep.

222 Sien, 'n verstandelike krag van 'n man wat 'n glas kan kraak, 'n sondaar is gemaak om dit te wees, laat God daar inkom, hy kan teruggaan, die dooies terugbring. Sien? Dis Sy belofte. Eers, vind jy die wil van God, doen dit dan.

223 Wel, jy sê: "Dit is nie God se wil in elke . . . " Dit is God se wil, ons het gesien dat dit gedoen word. Ek het gesien dat dit omtrent vyf verskillende kere gedoen word, en ek weet dis waar.

224 Nou, hier's dieselfde ding op 'n amateur manier soos Jesus het, praat met die vrou. Eergister het daar 'n man na my huis toe gekom, en daar gestaan, en hy het gesê: Ek het by die hek uitgegaan, ek sou hom na die kantoor toe stuur na Broer Mercier, en hulle, hy het gesê: "Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Kan jy my help?"

225 Ek het gesê: "Wel, as jy sal gaan . . . " En *Iets* het gesê: "Neem hom in die huis in." Net sodra hy gaan sit het, het ek gesê: "Moenie vir my sê wie jy is nie, ek sal jou sê." Het so begin, en hom alles vertel, die Heilige Gees het sy hele lewe aan my begin openbaar.

Hy het gesê: "Dis reg. Dis reg." Hy het gesê: "Meneer, dis reg."

226 En ek het gesê: "Jou . . . Jy woon nie hier nie, jy woon in Madison, jy was onder by Evansville, Indiana, en het in groep van 'n sekte daaronder beland, het jy nie?"

"Ja."

"Bybelskool, het jy gedink dit was."

Hy het gesê: "Goeie genade, man! Hoe weet jy dit?" En so, toe ons . . . hy uitgegaan het, het hy gesê: "Sê, ek verstaan dit nie."

En ek het gesê: "Was jy ooit in een van my dienste?"

227 Hy het gesê: "Ek het nooit jou naam geken tot net omtrent vyf, omtrent vyf-en-twintig minute gelede nie. 'n Man het vir my gesê toe ek deur Louisville gegaan het, om hiernatoe te kom, 'n man met die naam van Mnr. Sandy." Hy het gesê: "Ek het nooit jou naam geken nie."

Ek het gesê: "Wel, wel, dis my bediening."

Hy het gesê: "As ek dit reg verstaan, het Jesus met Sy dissipels gepraat en geweet wat in hulle hart was."

"Dis reg."

Hy het gesê: "Dan is dit God wat deur jou met my praat."

Ek het gesê: "Man, jy weet meer daarvan as baie van hulle wat die dienste vir 'n lang tyd gevolg het." Dis reg.

Hy het gesê: "Wel, prys God, dis dan nou alles verby!" Daar het julle dit.

Seun het pas ingevlieg van Engeland af, dieselfde ding. Nou, hier is dit, begin by die tabernakel. Hierdie is omtrent agt-en-veertig jaar daarvan.

Hy's God, is Hy nie, Suster? [Leë kol op band—Red.]

228 . . . bejaarde persoon, ou, baie ou dame. Dis jou moeder. Sy het iets verkeerd met haar oor, en sy het komplikasies, ook. Is dit nie reg nie? As dit reg is, steek jou hand op. [Leë kol op band—Red.]

. . . het jy daar in jou hand? Goed, neem jy dit en lê dit op haar. Glo jy jy's nou genees? Laat ek hande op jou sit.

229 Vader God, ek lê hande op haar, in die Naam van Jesus Christus. Mag hierdie dinge gebeur. Ons vra om God se ontwil, in Jesus' Naam, Amen. [Leë kol op band—Red.]

. . . glo dat ek sou terugkom, sodat sy kon opkom . . . ? . . . [Leë kol op band—Red.]

230 Jy het iets verkeerd in die kop, dis soos 'n migraine hoofpyn. Reg. Dit het jou 'n senuwee-ineenstorting gegee. Nou, jy ly aan swakheid, lyk net so, net soos om 'n toutjie te neem, en dit te trek totdat al die drade omtrent gebreek is. En . . . ? . . . jy sal reg wees. Inez. Dis reg. Dis reg. Gaan glo. [Leë kol op band—Red.]

231 . . . daar sit en bid, dame met jou arms gevou, het probleme met jou longe. Dis reg. Ek het twee vroue bly sien, ek wonder waar die ander een is. Goed, jy het Hom aangeraak. Steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar my genesing." Goed, gaan en word gesond. [Leë kol op band—Red.]

. . . daar, het ook oorprobleme. As hy net met sy hele hart sal glo. Ja. Goed, ontvang jou genesing. Gaan . . . [Leë kol op band—Red.]

. . . is jy nie, Suster? Het 'n slegte maag, het jy nie? Dis wat jou senuweeagtigheid gedoen het, jou 'n maagprobleem gegee.

232 Jy sê: "Broer Branham, jy—jy het senuweeagtigheid geraai. Deur senuweeagtig te wees, het jy gedink ek het 'n maagprobleem." Iemand het dit gedink, was nie sy nie, iemand het. [Leë kol op band—Red.] . . . dat ek dit geraai het. Wil jy hê God moet jou skoonsuster ook genees? Jy wil? Glo jy . . . ? . . . my sê wat is verkeerd met haar? Diabetes. Nou, gaan en glo. [Leë kol op band—Red.]

. . . Messias, wat onder ons beweeg. Hy's in julle daar buite, ook. [Leë kol op band—Red.]

233 . . . jou dogter, albei ly aan skildklierprobleme. As jy glo met jou hele hart, sal Jesus Christus jou gesond maak. Amen. [Leë kol op band—Red.]

234 . . . slegte toestande, bedlêend. Ek sê jou, die ding wat jy nodig het, is Christus in jou hart. Sien? Jy moet 'n Christen wees, Christus aanvaar as jou Verlosser. Dis baie vertroue in 'n sondaar, om voor 'n gawe soos daardie in te loop, om haar moeder genadig te wees. Sonder twyfel dat God sal. Glo Hom net nou vir jou verlossing . . . ? . . . Jesus Christus om jou te genees. Daar het jy dit. [Leë kol op band—Red.]

. . . wat is jou probleem? [Leë kol op band—Red.]

235 . . . sit reg daar agter, soort van 'n, met 'n geel baadjie aan. Dis reg. Goed. Ek het haar voor my sien verskyn, en ek het daardie Lig hier sien hang, toe weer daar afgekyk. Goed, Hy het jou toe genees, Suster, dis alles verby. [Leë kol op band—Red.]

236 . . . oor jou mond . . . [Leë kol op band—Red.] . . . kyk na my, en sê: "Prys die Here," soos daardie. Jy het probleme met jou mond, met jou gesig. Is dit nie reg nie? As dit reg is, steek jou hand op. Goed, Jesus maak jou gesond. Gaan huis toe, en glo dit.

Is Hy nie wonderlik nie? Hy's die Here . . . [Leë kol op band.]

237 . . . glo Hy sal hom gesond maak? Klein kleinseuntjie, het 'n vergroeisel op sy kop. Mev. Pearson, gaan, glo met jou hele hart. [Leë kol op band—Red.]

238 U is die Here Jesus, ons het U lief. Ons weet U Salwing is hier. Wel, dis net oral, Here. Ek bid dat die mense U sal ontvang, net nou, as hulle Verlosser en as hulle Geneser. Skenk dit, Here, deur Jesus' Naam.

Laat julle hoofde net 'n oomblik buig. [Leë kol op band—Red.]

. . . ? . . . 'n rukkie gelede . . . [Leë kol op band—Red.] . . . die gebedsry. Gebedsry kom aan. [Leë kol op band—Red.]

239 Nou kom kniel hier net 'n oomblik, sal julle? As jy in die Messias glo, glo dat *daardie* Jesus gesterf het en weer opgestaan het, kom hier en staan net hier voor my, hier by die altaar net 'n oomblik, en bid. God seën jou, meneer. Res van julle nou, julle wat Christus wil aanvaar as julle Verlosser, en, kom nou reguit hiernatoe. [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . by die altaar.

240 Kom, sondaarvriend. Kom, kom nou na Christus toe, die enigste hoop, die enigste kans. Die Aandligte skyn, kom, terwyl dit dag is, terwyl julle kan kom. [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . .

241 . . . hulle sink almal. Hulle is weg. Die dag is verby, die nag is verby, die aand is ver . . . dag is ver gevorder, nag kom nader, selfs die Aandster laat sy Lig uitgaan. Wel, skemer, die gevaartyd!

242 Moenie in jou sitplek bly nie, kom hiernatoe, julle sonder Christus, julle wat Hom wil ken as julle Verlosser, kom hiernatoe

en kniel terwyl Hy die siek mense genees, Hy genees beide siel en liggaam.

243 Bid, julle mense wat die Heilige Gees het, terwyl hierdie sondaars hier snik by die altaar, bid: “Mag God julle help.” [Leë kol op band—Red.]

244 Hê geloof. ’n Jong dame soos jy, en senuweeagtig, glo jy Hy sal jou genees van daardie senuweeagtigheid? Jy het dit jou hele lewe lank gehad. Glo jy Hy sal jou gesond maak? Laat ek net my hande op jou lê, sal jy? Ek glo die Heilige Gees is hier, ek glo die salwing is.

O Jesus, hierdie arme jong meisie, gebind met hierdie duiwel van onderdrukking!

Kom uit haar uit, Satan, ek beveel jou deur die Lewende God om haar te verlaat, jy kan haar nie langer vashou nie, wyk van haar af!

Gaan en word nou gesond. Gaan, glo met jou hele hart. [Leë kol op band—Red.]

Glo jy dat God jou hart sal genees, jou gesond sal maak?

Ek lê my hande op my suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar om genees te word. In Jesus’ Naam, vra ek dit. Amen. [Leë kol op band—Red.]

Ek lê my hande op suster, in die Naam van Jesus Christus. Mag sy genees word. Amen. [Leë kol op band—Red.]

245 . . . gelowiges hierbinne? O, goed. Nou, terwyl ek—terwyl ek bid vir . . . Hoeveel wil voor gebid word? Steek jou hand op. Goed. Nou, waarom lê julle nie julle hande op mekaar, terwyl ek hier bid nie? Lê net julle . . . Julle is gelowiges. Die Heilige . . . Jy’s—jy’s net soveel ’n Messiasie as wat enigiemand anders is as jy ’n gelowige is. Is dit reg?

246 “Hierdie tekens sal volg,” wat? “Hulle,” h-u-l-l-e, meervoud: “wat glo.” Is dit reg? “As hulle hulle, *hulle*, *hulle* hande op die siekes lê, sal *hulle* gesond word.” Is dit reg? Goed, buig net julle hoofde, en bid nou vir mekaar, terwyl ek bid vir . . . [Leë kol op band—Red.]

247 . . . in die kerk. Waar is Broer L.C.? Wel, jy het beslis baie gewig verloor vandat ek jou baie jare gelede gesien het. Ek het eendag by jou huis geëet. Ek weet nie—ek weet nie waarvoor jy hier is nie, jy weet dit. Maar dit mag jou help as ek net ’n oomblik met jou praat. Sou dit? Omdat ek jou so goed ken, mag dit jou help as ek met jou praat, sê ek ken jou . . . [Leë kol op band—Red.] . . . Ek en L.C. het agter daardie baber aangegaan wat jy vir my gaargemaak het, dis . . . ? . . . Ek het dit waardeer.

248 Het—het nou jou gees. Jy weet iets het toe plaasgevind, ek het jou gees gevang. Jy het baie probleme gehad. Jy was in die hospitaal, of iets. Jy was . . . Nou, sien, dis reg. Jy het

komplikasies, net ingegee, senuweeagtig, en probleme met jou ore, en dinge. Dis reg. Baie senuweeagtig, en ingegee. Glo jy ek kan dit alles wegneem deur die Naam van Jesus Christus? Kom hier.

249 Jou duiwel wat hierdie goddelike vrou probeer vashou, ek daag jou uit in die Naam van Jesus Christus, wyk van haar! Ek stel haar vry, in die Naam van Jesus Christus.

Dis verby, Suster. Gaan huis toe, en word gesond. Die Heilige Gees van God het jou gesond gemaak.

Jy besef met daardie kanker sal jy sterf as God jou nie genees nie. Glo jy Hy sal jou gesond maak?

Ek lê hande op hierdie vrou, en daag hierdie duiwel uit, in Jesus' Naam, om van haar af te kom. Amen. [Leë kol op band—Red.]

Ek lê hande op hierdie vrou, en daag hierdie duiwel uit, in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te kom. Amen.

Dit handel dit af. Dit maak dit reg. [Leë kol op band—Red.]

250 . . .?. . .'n rukkie gelede. Iets het pas met jou gebeur, het dit nie? Jy het daar gestaan, en jy was baie opgewonde daaroor, het jy nie? Dis toe jou rug genees is. Amen. [Leë kol op band—Red.]

. . .sleg. Maar God is die Geneser daarvan, is Hy nie? In Jesus Christus' Naam, mag dit haar verlaat, en sy gesond word. [Leë kol op band—Red.]

251 . . .Jesus, ek glo U is die Seun van God, ek glo U is die Messias. Ek glo U regeer in U Koninkryk, waarvan ek deel is deur my geloof in U volbragte werke. U het vir ons hierdie belofte gemaak dat "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Ek is 'n gelowige, vergewe my ongeloof. 'n Gelowige het hulle hande op my, ek bid vir daardie gelowige, daardie gelowige bid vir my. Ek aanvaar my genesing op grond van U Woord. Ek kan Hom naby voel as die Geleier, wat afbeweeg in die Woord om my gesond te maak.

252 Nou, Satan, ek daag jou uit. . .?. . .en in Jesus Christus' Naam, kom uit hulle uit. . .?. . .

253 Staan nou op julle voete, aanvaar julle genesing, en prys God met julle hele hart. Glorie! Halleluja! Prys aan. . .?. . .

61-0117 Die Messias
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org